  - ii) indien hoogstens twee modules van die eerste kwalifikasie uitstaande is alvorens kwalifikasie verwerf kan word en die betrokke kwalifikasie/program sluit nie die voorvereiste skoolgerigte modules met die oog op toelating tot NGOS in nie, of die student het gedurende sy studies nie die nodige voorvereiste modules met die oog op toelating tot NGOS bykomend geregistreer en geslaag nie, kan die student nie aansoek om gelyktydige registrasie vir meer as een kwalifikasie doen nie. Die student kan dan slegs die twee uitstaande modules vir die eerste kwalifikasie registreer en aansoek doen om die bykomende voorvereiste skoolgerigte modules met die oog op toelating tot NGOS;
- d) geen modules mag roosterbotsings hê nie;
- e) die praktika van NGOS mag nie voorrang bo die klasbywoning en praktika van modules van die eerste kwalifikasie geniet nie; en
- f) 'n student moet 'n amptelike versoek rig en beide fakulteite, waar van toepassing, se goedkeuring vir gelyktydige registrasie van twee kwalifikasies moet verkry word.

### **G.1.2.9**

#### **Registrasie vir bykomende modules**

'n Student kan in enige studiejaar, benewens die vereiste modules van die betrokke kurrikulum, bykomende modules neem ooreenkomstig die bepalings in subparagrafe onder Algemene Reël 2.3.4.

### G.1.2.10 Module-erkenning en –vrystelling

- a) Algemene Reël 2.3.2 is van toepassing.
- b) In die geval van Algemene Reël 2.3.2.4 geld die fakulteitsreël, naamlik 'n beperkte tyd van 5 jaar word gestel. Versoeke om module-erkennings/-vrystellings langer as die genoemde tydperk sal op grond van meriete oorweeg word.
- c) Studente kan nie erkenning ontvang vir FLGX114 op grond van FLGX113 of FLPX112 of FLPX113 wat reeds geslaag is, of andersom nie.
- d) Studente kan nie erkenning ontvang vir FLGX124 op grond van FLGX123 of FLPX122 of FLPX123 wat reeds geslaag is, of andersom nie.
- e) Studente kan nie erkenning ontvang vir FLPX112 of FLPX113 op grond van FLGX113 of FLGX114 wat reeds geslaag is, of andersom nie.
- f) Studente kan nie erkenning ontvang vir FLPX122 of FLPX123 op grond van FLGX123 of FLGX124 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

### G.1.2.11 Verklaring van die voorvereistes in die lys van modules

- a) Die voorvereistes van modules word in die modulelys in G.13 van hierdie jaarboek aangedui. Die voorvereistes van skakelmodules in ander fakulteite wat deel uitmaak van die onderskeie programme word ook in die lys aangedui.
- b) Die module-uitkomst word in G.14 van hierdie jaarboek aangedui.
- c) Jaarmodules word in die eerste semester geregistreer.
- d) 'n Student mag vir 'n module registreer slegs nadat hy/sy voldoen het aan die voorvereistes soos wat in die lys van modules gestel word. In die kolom met die opskrif "Voorvereistes" beteken (Algemene Reël 2.3.3):
  - i) **(35DP) óf (40DP)** dat 'n **deelnamepunt** van minstens 35% / 40% in die aangeduide module vereis word ten einde vir die betrokke module waarvoor dit 'n vereiste is, te mag registreer;
  - ii) **(40)** dat 'n **modulepunt** van **minstens 40%** in die aangeduide module vereis word ten einde vir die betrokke module waarvoor dit 'n vereiste is, te mag registreer (Algemene Reël 2.3.3.1);
  - iii) **geen syfer tussen hakies** dat 'n **modulepunt van minstens 50%** in die aangeduide module vereis word ten einde vir die betrokke module waarvoor dit as vereiste gestel is, te mag registreer (Algemene Reël 2.3.3.2).
- e) Behalwe waar fakulteitsreëls by die betrokke programme anders bepaal, mag 'n student wat vir 'n graad geregistreer is wat tot professionele of statutêre registrasie lei, slegs vir finalejaarmodules registreer indien al die voorafgaande modules geslaag is (Algemene Reël 2.3.3.4).

### G.1.2.12 Samestelling van 'n deelnamepunt

- a) Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel op grond van die punte wat behaal word vir toetse, opdragte, praktiese- en/of navorsingsopdragte.

- b) Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir modules, is soos uiteengesit in die betrokke modules se studiegidse.

**G.1.2.13 Eksamengeleentheid**

Die eksamengeleentheid en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 2.4.4.

**G.1.2.14 Toelating tot die eksamen**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamepunt en/of deelnamebewys (Algemene Reël 2.4.2).
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs aan 'n student uitgereik word indien hy/sy tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakvoorsitter / programleier:
  - i) 'n deelnamepunt van minstens 35% vir eerstevlakmodules en 40% vir tweede-, derde- en vierdevlak modules behaal het;
  - ii) waar van toepassing, die praktiese werk wat vir die module vereis word, voltooi het;
  - iii) 'n deelnamepunt van minstens 50% vir praktiese modules in Verpleegkunde, Dieetkunde en Voedingkunde behaal het; en
  - iv) voldoen het aan die vereistes vir die betrokke module wat in die studiegids sowel as by die module-uitkomst in hierdie jaarboek by G.14 uiteengesit is.
- c) Die deelnamepunt en/of deelnamebewys van die student wat vir 'n module verwerf is vir die eerste eksamengeleentheid, word netso oorgedra na die tweede eksamengeleentheid (Algemene Reël 2.4.4.3).

**G.1.2.15 Verhouding tussen kredietpunte en eksamenvraestelle**

Die eksamenvraestel vir 'n 12 kredietpunt module duur gewoonlik twee ure en die eksamenvraestelle van modules wat 16, 24 of 32 kredietpunte tel, duur gewoonlik drie ure.

**G.1.2.16 Moderering van modules, vraestelle en antwoordstelle**

Algemene Reëls 1.1.1 en 2.4.1 is van toepassing.

**G.1.2.17 Berekening van modulepunt**

Die modulepunt (Algemene Reël, voetnota 5) word bereken volgens die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos uiteengesit in die studiegidse en module-uitkomst by G.14 in die jaarboek.

**G.1.2.18 Subminimum vir eksamen**

- a) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40% (Algemene Reël 2.4.3.3), behalwe waar anders vermeld word in die reëls van spesifieke programme en kurrikulums.

- b) Die eksamen subminimum vir alle praktiese modules in Verpleegkunde-, Dieetkunde en Voedingkunde modules is 50% (Algemene Reël 2.4.3.3).

**G.1.2.19 Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum**

- a) Die bepaling van Algemene Reël 2.4.3 en al die subparagrafe is van toepassing.
- b) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 'n modulepunt van 50% (Algemene Reël 2.4.3.1).
- c) Oorweging vir die aanpassing van die modulepunt van 'n eerstesemester-module waarin eksamen geskryf is maar nie geslaag is nie, geskied volgens die bepaling van Algemene Reëls 2.4.3.2 en 2.4.3.4.
- d) 'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is afsonderlik te slaag (Algemene Reël 2.5.1).
- e) Ooreenkomstig Algemene Reël 2.4.4.5 mag 'n student wat ná benutting van alle gewone eksamengeleenthede alle modules wat vir 'n kwalifikasie vereis word, behalwe een, geslaag het, kan by die betrokke dekaan aansoek doen om 'n finale assesseringsgeleentheid in die uitstaande module, met dien verstande dat die student in daardie akademiese jaar vir die betrokke module geregistreer was en 'n deelnamepunt behaal het wat hom/haar tot die eksamen toegelaat het.
- f) Algemene Reël 2.5.2 reël die vereistes om 'n module / kurrikulum / kwalifikasie met onderskeiding te slaag. Die fakulteitsreël bepaal dat indien die gemiddelde punt na berekening op 74% staan, die punt op grond van meriete na 75% gekondoneer kan word.

**G.1.2.20 Toegang tot gemerkte eksamenwerk**

- a) 'n Student mag by die skooldirekteur amptelik aansoek doen om insae in die antwoordstel asook die memorandum te verkry (Algemene Reël 2.4.9).
- b) Versoeke word op die volgende voorwaardes toegestaan:
  - i) die student mag die antwoordstel in die teenwoordigheid van die betrokke dosent en die vakvoorsitter sien;
  - ii) die dosent kan die probleemareas vir die student uitlig;
  - iii) optelfoute sal bygereken word en vrae wat moontlik per abuis nie nagesien is nie sal nagesien en bygereken word;
  - iv) geen antwoordstelle word hermerk nie;
  - v) die student mag steeds van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak al is toegang tot gemerkte eksamenwerk verleen; en
  - vi) aansoek om insae in antwoordstelle te verkry moet binne 'n maksimum tydperk van 5 werksdae nadat punte beskikbaar gemaak is, gedoen word.

### **G.1.2.21**

#### **Herhaling van modules**

- a) Indien 'n student die eksamen in 'n bepaalde module druij, word die module volledig herhaal, behoudens moontlike uitsonderings waarvoor die Algemene Reël 2.4.5 en die fakulteitsreëls voorsiening maak.
- b) Indien 'n module gedruip is, moet die student weer vir die betrokke module registreer en 'n nuwe deelnamepunt opbou. Deelnamepunte / deelname-bewyse word nie van een jaar na 'n volgende jaar oorgedra nie.
- c) Praktiese vrystelling sal op grond van meriete oorweeg word (Algemene Reël 2.3.2.5).
- d) Fakulteit Gesondheidswetenskappe is nie ten gunste van klasvrystelling nie. Algemene Reël 2.3.2.6 sal slegs op grond van meriete oorweeg word.
- e) In die geval waar studente in 'n bepaalde jaarvlak van 'n kurrikulum een of meer modules uit een of meer vorige jaarvlakke van 'n kurrikulum moet herhaal, geld die volgende:
  - i) die totale kredietpunte van die modules wat 'n student, wat ook modules moet herhaal, in enige semester op enige jaarvlak mag neem, word beperk in ooreenstemming met die Algemene Reëls 2.3.4.3 en 2.3.4.4;
  - ii) die fakulteit kan nie onderneem dat modules wat herhaal moet word saam met die ander modules wat geneem moet word, op die rooster sal inpas nie;
  - iii) roosterbotsings wat ontstaan as gevolg van modules wat herhaal moet word, sal tot gevolg hê dat die student daardie modules in 'n latere jaar moet neem;
  - iv) indien 'n student modules van 'n bepaalde jaarvlak van die kurrikulum waarvoor hy/sy ingeskryf is, nie in die minimum voorgeskrewe studietydperk voltooi het nie en die modules van die betrokke jaarvlak van dié kurrikulum is intussen gewysig, mag die dekaan beslis dat die student die betrokke jaarvlak moet voltooi soos gepubliseer in die jongste uitgawe van die jaarboek. Dit kom daarop neer dat indien die student 'n module moet herhaal wat intussen in die kurrikulum deur 'n ander module vervang is, die dekaan mag beslis dat die student laasgenoemde module moet neem.

### **G.1.2.22**

#### **Onbevredigende akademiese vordering**

'n Student kan formele waarskuwingsbriewe ontvang indien akademiese prestasie onbevredigend is (Algemene Reël 2.4.7).

### **G.1.2.23**

#### **Beëindiging van studies**

Die studie van 'n student kan beëindig word op grond van Algemene Reël 2.4.8.



#### **G.1.2.24 Ander fakulteitsreëls**

Ander spesifieke fakulteitsreëls wat slegs op 'n betrokke program of kurrikulum van toepassing is, word by daardie program in die jaarboek aangedui.

#### **G.1.2.24.1 Werkgeïntegreerde leer**

Werkgeïntegreerde leer vereis addisionele koste wat self deur studente gedra moet word. Die kostes is nie by klasgelde ingereken nie.

#### **G.1.2.24.2 Immunisering**

Sommige programme vereis dat studente self voorsorg rakende immunisering moet tref. Die kostes is nie by klasgelde ingereken nie.

#### **G.1.2.24.3 Vervoer**

Met die oog op praktiese werk veral in die professionele rigtings, word daar sterk aanbeveel dat die student oor 'n bestuurderslisensie sal beskik. Die Universiteit kan veral nie waarborg dat daar 'n plasing vir byvoorbeeld die mini-internskap waar van toepassing in die onderskeie programme gevind sal kan word vir studente wat nie aan hierdie verwagting voldoen nie.

#### **G.1.2.24.4 Registrasie by Statutêre Rade**

Inligting rakende vereiste registrasie by die onderskeie Statutêre Rade word by die betrokke programme in die jaarboek aangedui.

### **G.1.3 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID**

- a) Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit registreer, moet hulle op 'n tyd en plek wat deur die Universiteit bepaal word, aanmeld vir 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat vanweë onvoldoende akademiese vaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nie.
- b) Studente besluit self of hulle die verpligte vaardigheidstoets in Afrikaans of in Engels wil aflê. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleentheid om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleentheid. Dit is die student se verantwoordelikheid om hom-/haarself binne 14 dae na aflegging van die toets van die toetsuitslag te vergewis, en vir die korrekte module in die korrekte semester te registreer.
- c) Studente wat deur die toets as risikogevalle geïdentifiseer word, moet vir die module AGLA111 [Afrikaans] of AGLE111 [Engels] registreer, afhangend van die taal waarin hulle die verpligte vaardigheidstoets afgelê het. Hierdie modules word nie vir kredietdoeleindes van kurrikulums in berekening gebring nie, maar die krediete wat hiermee verdien word, word as addisionele krediete gereken.

- d) Vir toelating tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 word 'n deelnamepunt van 35% vereis. Studente wat nie tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 toegelaat word nie of die eksamen daarin druip en tesame daarmee twee of meer ander modules ook druip, se studievoortsetting in die daaropvolgende semester word deur die Keurkomitee heroorweeg. AGLA111/AGLE111 moet laastens aan die einde van die tweede historiese jaar geslaag word om die terminering van studies te voorkom.
- e) Vir toelating tot die module AGLA121 / AGLE121, wat vir alle studente wat die eerste keer aan die Universiteit registreer, verpligtend is, moet 'n student wat verplig is om eers AGLA111 / AGLE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in AGLA111 / AGLE111 verwerf. Die modules AGLA121 / AGLE121 het 'n gewig van 12 krediete wat deel vorm van die kurrikulum waarvoor die student registreer en moet geneem word in die taal waarin die verpligte vaardigheidstoets en AGLA111 / AGLE111 geneem is.
- f) AGLA/E121 bestaan uit drie vraestelle, naamlik Akademiese Gelettertheid, Rekenaar- en Inligtingvaardighede en Leesvaardigheid. Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings. Die student moet al drie afdelings binne die semester waarin hy/sy vir die module geregistreer het, slaag om die module te kan slaag.
- g) Studente wat die module AGLA111 / AGLE111 gedruip het, maar wel tot AGLA121 / AGLE121 toegelaat is en die eksamen daarin geslaag het, se uitslag van AGLA111 / AGLE111 kan deur die betrokke skooldirekteur tot 'n slaagpunt gekondoneer word.
- h) Studente wat reeds 'n module [s] / kursus[se] soortgelyk aan AGLA111, 121 / AGLE111, 121 aan 'n ander inrigting suksesvol afgeleë het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik by die Hoof van die Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk aansoek om erkenning daarvan doen.

#### **G.1.4 ERKENNING VAN VORIGE LEER**

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.

By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigprogramme te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid bereik is, beoordeel in die konteks van die uitreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek

gedemonstreer het, met inagneming van die uitreeuitkomste wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornemende of bestaande studente – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

Die proses vir erkenning van vorige leer is in Algemene Reël 1.1.1 gestel.

### **G.1.5 REÛLS VIR DIE NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT (NGOS)**

Vir volledige reëls raadpleeg die Jaarboek van Fakulteit Opvoedingswetenskappe.

#### **Kontak- en OAL-programme**

Die NGOS dien as 'n verdere professionele afrondingskwalifikasie vir kandidate wat 'n toepaslike 360- of 480-krediet baccalaureusgraad voltooi het en tot die onderwysprofessie wil toetree.

Studente wat hierdie kwalifikasie, met 'n gefokusde visie op klaskamerpraktyk verwerf, is in staat om bewys te lewer van die kontekstuele rolle en vaardighede van 'n effektiewe onderwyser.

Met hierdie sertifikaat mag 'n onderwyser vanaf graad 7 tot 12 onderrig gee.

#### **Duur van studie**

*Kontakprogram:* Die minimumduur van studie is een jaar en die maksimumduur is twee jaar.

*Oop afstandsl eerprogram:* Die duur van die studie is twee (2) jaar (4 eksamen geleenthede)

#### **TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE**

- a) 'n Eerste universiteitsgraad met twee erkende skoolvakke of 'n erkende kwalifikasie wat in totaal uit 360 krediete bestaan, en wat eindig op NKR-vlak 6 en minstens twee skoolvakke insluit.
- b) Studente moet ook in staat wees om twee metodieke te kan neem ten einde die kwalifikasie te verwerf. Die samestelling van die kwalifikasie kan een van die volgende wees: ('n Erkende skoolvak is 'n vak wat in die amptelike lys van skoolvakke van die Departement van Basiese Onderwys opgeneem is.)
  - i) 'n erkende skoolvak op vlak 3 + 'n erkende skoolvak op vlak 1;
  - ii) twee erkende skoolvakke op vlak 2; of
  - iii) 'n erkende skoolvak op vlak 2 + twee erkende skoolvakke op vlak 1
  - iv) In die geval van 'n keuse tussen metodiek van akademiese vakke reeds geslaag vir 'n vorige kwalifikasie moet die student die twee

neem waarin hy/sy die hoogste gekwalifiseer is. In die geval van **Tale** moet die toepaslike taal op vlak 2 wees.

#### **Uitsonderings:**

- c) 'n Student wat **Lewenswetenskappe** as metodiek wil neem moet een van die volgende vakke (Plantkunde, Dierkunde of Fisiologie) op vlak 3 het en 'n ander op vlak 1 OF twee van die drie vakke op vlak 2 vir toelating tot die NGOS aanbied. Studente met slegs Fisiologie of Plantkunde of Dierkunde as hoofvak word voorwaardelik tot die NGOS toegelaat totdat die student 'n maksimum van drie (3) addisionele modules, naamlik LIFE 311, LIFE 121 en/of LIFE 211 geslaag het. (Die aantal addisionele modules word op individuele basis deur die Fakulteit Opvoedingswetenskappe bepaal.) Student wat slegs kwalifiseer om Lewenswetenskappe as skoolvak aan te bied, sal die NGOS met Metodiek van Lewenswetenskappe en Metodiek van Leerarea Natuurwetenskappe ontvang. Hierdie studente moet registreer vir LIFD511 en LAND 521 sowel as LAND 411 en ADSD 521.
- d) 'n Student wat **Fisiesewetenskap** as metodiek wil neem moet een van Chemie of Fisika op graadvlak 3 vir toelating tot die NGOS aanbied en die ander ten minste op vlak graadvlak 1. As alternatief kan Chemie en Fisika beide op graadvlak 2 vir toelating aangebied word. Student wat slegs kwalifiseer om Fisiesewetenskap as skoolvak aan te bied, moet registreer vir PHSD 511 en LAND 521 sowel as LAND 411 en ADSD 521. Hierdie studente sal die NGOS met Metodiek van Fisiesewetenskap en Metodiek van Leerarea Natuurwetenskappe ontvang.
- e) 'n Student wat die metodiek van **Wiskunde** wil neem, moet Wiskunde op vlak 2 geslaag het, andersins kan Wiskunde op vlak 1 saam met een van die volgende op vlak 2 aangebied word: Statistiek, Wiskundige Statistiek, Toegepaste Wiskunde, Finansiële Wiskunde. 'n Student wat slegs Wiskunde as hoofvak het, sal registreer vir MATD511, MATD521 en ook MATD411 en ADSD521.
- f) 'n Student wat die Metodiek van **Lewensoriëntering** wil neem, moet twee van die volgende vakke op graadvlak geneem het: Sosiologie, Sielkunde, Politieke Studies, Menslike Bewegingskunde, Arbeid -en Industriële studies, Menseregte, Etiek en Voeding. Die student moet dan steeds ook 'n tweede skoolvak op graadvlak geneem het vir die tweede metodiek.
- g) 'n Student word nie toegelaat om beide MOVD511 en LLOD511 te neem nie. Indien een van bogenoemde metodieke geneem word, behoort 'n student steeds 'n tweede metodiek te neem. Die tweede semestermodule vir beide MOVD511 en LLOD511 is LLOD521.
- h) 'n Student wat die Metodiek van enige **taal** wil neem, moet dit ten minste op graadvlak 3 geslaag het.
- i) Studente wat nog nie hulle eerste graad voltooi het nie, kan by uitsondering toegelaat word. Studente moet spesiaal daarvoor aansoek doen by die Direkteur. (Sien G.1.2.8 van hierdie jaarboek wat betref die fakulteitsreëls vir Fakulteit Gesondheidswetenskappe).

### G.1.6 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT

Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na:

<http://www.puk.ac.za/beheer-bestuur/beleid-reels/index.html>

### G.1.7 KAPASITEITSBEPALINGS

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

### G.1.8 SKOLE IN FAKULTEIT

Die fakulteit is gestruktureer in vyf skole, een navorsingsentrum, twee navorsingseenhede, twee fokusareas en een nisarea. Navorsing en opleiding in magister- en doktorsale studie van die vyf skole in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, vind in die navorsingsentiteite plaas. Aan die hoof van elke entiteit staan 'n navorsingsdirekteur of hoof. Hulle word bygestaan deur die direkteure van skole en personeel in die onderskeie vakgroepe.

Die verband en strukture van die skole en vakgroepe in die fakulteit, is soos volg (raadpleeg die nagraadse jaarboek rakende die strukture van die navorsingsentiteite):

Skool	Vakgroep
Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap	Menslike Bewegingskunde Biokinetika Kinderkinetika Rekreasiekunde Sportwetenskap Diploma in Sportkunde
Skool vir Farmasie	Farmaseutika Farmaseutiese Chemie Farmakologie Farmasiepraktyk Kliniese Farmasie
Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe	Fisiologie Dieetkunde / Voedingkunde Verbruikerswetenskappe
Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe	Psigologie Maatskaplike Werk
Skool vir Verpleegkunde	Algemene, psigiatriese, verloskundige en gemeenskapsverpleegkunde

## G.1.9

## KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

<b>DIPLOMAS</b>				
<b>Kwalifikasie</b>	<b>Program en kode</b>	<b>Kurrikulum en kode</b>	<b>Metode van aflewering</b>	<b>NKR-vlak</b>
Diploma in Sportkunde	832 100	Sportkunde: G101P	Voltyds	6
<b>EERSTE BACCALAUREUSGRAAD</b>				
Baccalaureus Artium (BA)	Gesondheids-wetenskappe: 100 167	Menslike Bewegingskunde en Psigologie: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	Gesondheids-wetenskappe: 100 167	Rekreasiekunde en Psigologie: G302P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	Gesondheids-wetenskappe: 100 167	Rekreasiekunde en Toerisme-bestuur: G303P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	Psigologie en Afrikaans en Nederlands: 100 169	Psigologie en Afrikaans en Nederlands: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	Psigologie en Arbeids-verhoudinge: 100 170	Psigologie en Arbeids-verhoudinge: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	Psigologie en Engels: 100 171	Psigologie en Engels: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	Psigologie en Geografie en Omgewingstudie: 100 172	Psigologie en Geografie en Omgewingstudie: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	Psigologie en Setswana: 100 173	Psigologie en Setswana: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	Psigologie en Sosiologie: 100 174	Psigologie en Sosiologie: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Artium (BA)	Psigologie en Toerismebestuur: 100 175	Psigologie en Toerismebestuur: G301P	Voltyds	7

<b>EERSTE BACCALAUREUSGRAAD (vervolg)</b>				
<b>Kwalifikasie</b>	<b>Program en kode</b>	<b>Kurrikulum en kode</b>	<b>Metode van aflewering</b>	<b>NKR-vlak</b>
Baccalaureus Artium (Sport-, Gesondheid- en Vryetydwetenskap) (BA SGV)	843 100	Menslike Bewegingskunde en Rekreasie-kunde: G316P	Voltyds	7
Baccalaureus Scientiae (BSc)	Biologiese Wetenskappe: 200 112	Fisiologie en Biochemie: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Scientiae (BSc)	Biologiese Wetenskappe: 200 112	Psigologie en Rekenaar- en Inligtingstelsels: G305P	Voltyds	7
Baccalaureus Scientiae (BSc)	Biologiese Wetenskappe: 200 112	Psigologie en Wiskunde: G306P	Voltyds	7
Baccalaureus Scientiae (BSc)	Gesondheids-wetenskappe: 200 186	Fisiologie en Psigologie: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Scientiae (BSc)	Gesondheids-wetenskappe: 200 186	Voeding en Fisiologie: G302P	Voltyds	7
Baccalaureus Scientiae (BSc)	Menslike Bewegingskunde en Fisiologie: 200 187	Menslike Bewegingskunde en Fisiologie: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Scientiae (BSc)	Menslike Bewegingskunde en Voeding: 200 188	Menslike Bewegingskunde en Voeding: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Scientiae (BSc)	Psigologie en Voeding: 200 189	Psigologie en Voeding: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Scientiae in Verbruikerswetenskappe (BSc Verb)	845 100	Verbruikers-wetenskappe met Ondernemingsbestuur: G301P	Voltyds	7
Baccalaureus Scientiae in Verbruikerswetenskappe (BSc Verb)	845 100	Verbruikers-wetenskappe met Toerismebestuur: G302P	Voltyds	7

<b>EERSTE BACCALAUREUSGRAAD (vervolg)</b>				
<b>Kwalifikasie</b>	<b>Program en kode</b>	<b>Kurrikulum en kode</b>	<b>Metode van aflewering</b>	<b>NKR-vlak</b>
Baccalaureus in Maatskaplike Werk (BMW)	111 101	Maatskaplike Werk: G402P	Voltyds	8
Baccalaureus Curationis (BCur)	120 101	Algemene, Psigiatriese, Verloskundige en Gemeenskaps-verpleegkunde: G407P	Voltyds	8
Baccalaureus Curationis (Educationis et Administrationis) (BCur Ed et Adm)	829 100	Health Science Education and Health Service Management: G318T	Telematic	7
Baccalaureus Pharmaciae (BPharm)	800 101	Farmasie: G412P (faseer uit) G413P (faseer in)	Voltyds	8
Baccalaureus Scientiae (Dieetkunde) (BSc Dieetk)	206 101	Dieetkunde: G431P	Voltyds	8
Baccalaureus Scientiae (Voedingkunde) (BSc Voedk)	286 100	Voedingkunde: G401P	Voltyds	8

Volledige besonderhede van **nagraadse kwalifikasies en diplomas** verskyn in die nagraadse jaarboek van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.



## **G.2 REÛLS VIR DIE DIPLOMA IN SPORTKUNDE**

### **G.2.1 KWALIFIKASIE- EN PROGRAMKODE: 832 100 (VOLTYDS)**

Hierdie diploma word voltyds by die Potchefstroom-, Vaaldriehoek- en Mafikengkampus aangebied met spesialisering in verskeie sportsoorte.

### **G.2.2 DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)**

Die duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is 'n **minimum van drie (3) jaar** en 'n **maksimum van vier (4) jaar**.

Verlenging van die studietydperk kan geskied kragtens die bepalings van Algemene Reël 2.4.6.

### **G.2.3 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE**

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene Reëls 1.2.2, 1.2.3 en 2.2) en verdere toepasslike bepalings in die Inleidende reël G.1.2.1, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- a) die student moet in besit wees van 'n Nasionale Senior Sertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad;
- b) 'n APS-telling van 16 is 'n vereiste vir die diploma;
- c) toelating tot die kursusprogram is aan voorafkeuring onderworpe wat deur die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap in samehang met die toepasslike gespesialiseerde sportinstituut akademies gehanteer word.

\*Inligting is onderhewig aan verandering

### **G.2.4 FAKULTEITSPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

'n Student wat vir die Diploma in Sportkunde wil registreer, moet vooraf sy/haar mediese geskiktheid daartoe laat vasstel.

### **G.2.5 PROGRAM: SPORTKUNDE**

Na voltooiing van die sportkundeprogram behoort studente kundigheid, vaardigheid, waarde en toegepaste bevoegdheid in verskeie aspekte van een spesifieke sport in 'n goedgedefinieerde en omlynde probleemoplossing en eksperimentiese praktykgerigte scenario's of gevallestudies te kan demonstreer en dit met die nodige teorieë en literatuurnavorsing te kan begrond.

#### **G.2.5.1 Kurrikulum: Sportkunde**

##### **G.2.5.1.1 Kurrikulumuitkomste**

Die doel van hierdie kurrikulum is om die student toe te rus met die nodige wetenskaplike kennis en spesifieke vaardighede, bevoegdhede, houdings en etiese ingesteldheid vir bepaalde beroepe binne die sportindustrie. Dit sal hulle in staat stel om persoonlik te groei, krities te kan dink, ekonomies selfstandig te kan praktiseer in hul areas van bevoegdhede en deur hul werk by te dra tot die ontwikkeling van die verskillende fasette van sport in 'n kultuur-diverse

gemeenskap. Die kurrikulum is spesifiek ontwikkel om studente voor te berei en toe te rus vir verskillende loopbane in die rugbyindustrie, dog het dit ook toepassingswaarde vir sommige loopbane in breër konteks van sport.

### G.2.5.1.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- 'n Student moet eers die voorafgaande jaarvlak se module in MBXR geslaag het voordat hy/sy kan registreer vir die daaropvolgende jaarvlak se module.
- Indien 'n student die kursus vóór die voltooiing van die diploma verlaat, kan 'n toepaslike sertifikaat vir die suksesvolle voltooide uitkomst uitgereik word.

### G.2.5.1.3 Samestelling van kurrikulum: Sportkunde

**Kwalifikasie- en programkode: 832 100; Kurrikulumkode: G101P**

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	MBWK216	X	8	MBWK218	X	8
MBWK112	X	12	MBXG114	X	8	MBXR217	X	8
MBXR112	H	12	MBXN211 OF MBXS211 OF MBXT211	X	8	MBXR218	H	16
MBXR114	X	12	MBXR214	X	8	MBXR219	X	8
			MBXR216	H	16			
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>36</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>48</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>40</b>
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK223	X	8	MBWK226	X	8
MBXA124 OF MBXC124 OF MBXR124 OF MBXS124	H	12	MBXA225 OF MBXC225 OF MBXR225 OF MBXS225	H	16	MBXA324 OF MBXC324 OF MBXR324 OF MBXS324	H	32
MBXK124	X	12	MBXG221 OF MBXH221	X	8			
PSYC121	X	12	WVGW221	X	12			
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>48</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>44</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>40</b>
<b>Totaal Jaarvlak 1</b>		<b>84</b>	<b>Totaal Jaarvlak 2</b>		<b>92</b>	<b>Totaal Jaarvlak 3</b>		<b>80</b>
<b>Krediet totaal van die kurrikulum</b>								<b>256</b>

# Studente wat nie die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid geslaag het nie, is verplig om vir AGLA/E111 te registreer.

### **G.3 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM**

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël G.1.9 beskryf word en kan voltyds geneem word.

#### **G.3.1 DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)**

Die duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is 'n **minimum van drie (3) jaar** en 'n **maksimum van vier (4) jaar**.

Verlenging van die studietydperk kan geskied kragtens die bepalings van Algemene Reël 2.4.6.

#### **G.3.2 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE**

Die Algemene toelatingsvereistes geskied volgens Algemene Reëls 1.2.2, 1.2.3 en 2.2 en verdere toepaslike bepalings in die Inleidende reël G.1.2.1.

- a) Universiteitstoelating.
- b) **APS-telling:** Die resultate behaal in vier Aangewysde Vakke plus twee NSS-vakke word in berekening gebring. Die resultate behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring nie.

Die vereiste APS-telling word by die onderskeie programme hieronder aangedui.

- c) **Taalvereiste:** 'n Slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste Addisionele Taalvlak.
- d) Voornemende studente is onderhewig aan beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Die beste gemiddelde punt word bereken.

\*Inligting is onderhewig aan verandering

#### **G.3.3 FAKULTEITSPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

'n Student moet oor 'n volle Matrikulasievystellingsertifikaat beskik en 'n gemiddelde slaagsyfer van minstens 60% vir die matriekeksamen behaal het.

#### **G.3.4 PROGRAM: GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

##### **G.3.4.1 Kwalifikasie- en programkode: 100 167**

Na voltooiing van die program behoort die student:

- a) afgeronde en sistematiese kennis en vaardighede van menslike bewegingskunde of rekreasiekunde te integreer met die beginsels van of psigologie of toerismebestuur wat vir sport, gesondheid en menslike ontwikkeling toepaslik is in die verwerwing van toegepaste bevoegdhede deur probleemoplossing, uitvoering van projekte, hantering van lewenswerklike gevallestudies en praktykgerigte scenario's;
- b) individueel of in groepe bewysgedrewe interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur:

- i) dit teoreties te kan fundeer;
  - ii) dit met behulp van IT skriftelik en mondeling aan leke en professionele gehore te kan kommunikeer.
- c) te kan demonstreer dat in die bereiking van die uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêreld- en mensebeskouing en 'n gevestigde waardesisteem.

#### **G.3.4.2 Toelatingsvereistes van die program**

**Vereiste APS-telling:** 22

#### **G.3.4.3 Fakulteitspesifieke vereistes**

- a) Studente wat Menslike Bewegingskunde as hoofvak neem, moet vooraf sy/haar mediese geskiktheid vir die kursus laat bepaal.
- b) Studente wat aansoek om keuring vir Honneurs in Kinderkinetika wil doen, moet in hulle tweedejaar vir MBXS211 en MBXG221 registreer.
- c) Studente mag nie registreer vir MBWK315 indien 'n minimum van 40% vir MBWK225 behaal is nie.

Vergelyk ook G.1 van hierdie jaarboek.

#### **G.3.4.4 Kurrikulum: Menslike Bewegingskunde en Psigologie**

##### **G.3.4.4.1 Kurrikulumuitkomste**

Na die voltooiing van die kurrikulum behoort studente:

- kennis en vaardighede van menslike beweging te integreer met die psigologiese beginsels wat vir sport, gesondheid en menslike ontwikkeling toepaslik is in die verwerwing van toegepaste bevoegdhede deur probleemoplossing, uitvoering van projekte, hantering van lewenswerklike gevallestudies en praktykgerigte scenario's;
- individueel of in groepe bewysgedrewe interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur:
  - ★ dit teoreties te kan fundeer
  - ★ dit met behulp van IT skriftelik en mondeling te kan kommunikeer aan leke en professionele gehore.
- te kan demonstreer dat in die bereiking van die uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêreld- en mensebeskouing en 'n gevestigde waardesisteem.

##### **G.3.4.4.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum**

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.

- b) Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in enige van die spesialiseringrigtings: Biokinetika, Sportwetenskap, Kinderkinetika of Psigologie en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

**G.3.4.4.3 Samestelling van kurrikulum: Menslike Bewegingskunde en Psigologie**  
**Kwalifikasie- en programkode: 100 167; Kurrikulumkode: G301P**

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	MBWK216	H	8	MBWK315	H	16
FLGX114	X	12	MBWK217	H	8	MBWK316	H	16
MBWA112	H	12	MBWK219	H	8	PSYC311	H	16
MBWK112	H	12	MBXA211 OF MBXN211 OF MBXS211 OF MBXT211	X	8	PSYC312	H	16
MBWK114	H	12	PSYC211	H	16	WVES311	X	12
PSYC111	H	12	PSYC212	H	16			
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>60</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>64</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>76</b>
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK223	H	8	MBWK324	H	16
FLGX124	X	12	MBWK225	H	8	MBWK325	H	16
MBWA122	H	12	MBWK226	H	8	PSYC321	H	16
MBXK124	X	12	MBXG221 OF MBXH221 OF MBXK221 OF MBXR221	X	8	PSYC322	H	16
PSYC121	H	12	PSYC221	H	16			
			WVGW221	X	12			
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>60</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>60</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>64</b>
<b>Totaal Jaarvlak 1</b>		<b>120</b>	<b>Totaal Jaarvlak 2</b>		<b>124</b>	<b>Totaal Jaarvlak 3</b>		<b>140</b>
<b>Krediet totaal van die kurrikulum</b>								<b>384</b>

# Studeerders wat nie die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid geslaag het nie, is verplig om vir AGLA/E111 te registreer.

### G.3.4.5 Kurrikulum: Rekreasiekunde en Psigologie

#### G.3.4.5.1 Kurrikulumuitkomste

Na die voltooiing van die kurrikulum behoort studente:

Kritiese en kreatiewe denke in die gebruik van wetenskap, navorsing en tegnologie met tersaaklike teoretiese kundigheid (modelle, teorieë, ens) te kombineer om vaardighede en waardes as entrepreneur of werknemers op die terrein van avontuurterapie in geïntegreerde projekte (gevallestudies / scenario's – probleme op te los) en gemeenskapsbetrokkenheid, toegevoegde bevoegdhede te kan demonstreer.

#### G.3.4.5.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in Rekreasiekunde of Psigologie en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

#### G.3.4.5.3 Samestelling van kurrikulum: Rekreasiekunde en Psigologie

Kwalifikasie- en programkode: 100 167; Kurrikulumkode: G302P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	MBWK218	X	8	PSYC311	H	16
BMAN111	X	12	PSYC211	H	16	PSYC312	H	16
BSWG112	X	12	PSYC212	H	16	RKKX314	H	16
MBWK112	X	12	RKKX214	H	16	RKKX315	H	16
MBWK114	X	12				WVES311	X	12
PSYC111	H	12						
RKKX113	H	12						
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>72</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>56</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>76</b>
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK226	X	8	PSYC321	H	16
BSWG121	X	12	PSYC221	H	16	PSYC322	H	16
KCOM122	X	12	RKKX224	H	16	RKKX324	H	16
PSYC121	H	12	WVGW221	X	12	RKKX325	H	16
RKKX123	H	12						
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>60</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>52</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>64</b>
<b>Totaal Jaarvlak 1</b>		<b>132</b>	<b>Totaal Jaarvlak 2</b>		<b>108</b>	<b>Totaal Jaarvlak 3</b>		<b>140</b>
<b>Krediet totaal van die kurrikulum</b>								<b>380</b>

# Studente wat nie die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid geslaag het nie, is verplig om vir AGLA/E111 te registreer.

**G.3.4.6 Kurrikulum: Rekreasiekunde en Toerismebestuur****G.3.4.6.1 Kurrikulumuitkomst**

Na die voltooiing van die kurrikulum behoort studente:

Kritiese en kreatiewe denke in die gebruik van wetenskap, navorsing en tegnologie met tersaaklike teoretiese kundigheid (modelle, teorieë, ens) te kombineer om vaardighede en waardes as entrepreneur of werknemers op die terrein van avontuurterapie in geïntegreerde projekte (gevallestudies / scenario's – probleme op te los) en gemeenskapsbetrokkenheid, toegevoegde bevoegdhede te kan demonstreer.

**G.3.4.6.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum**

- Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulely G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in Rekreasiekunde of Toerismebestuur en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

**G.3.4.6.3 Samestelling van kurrikulum: Rekreasiekunde en Toerismebestuur**

**Kwalifikasie- en programkode: 100 167; Kurrikulumkode: G303P**

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	MBWK218	X	8	RKKX314	H	16
KCOM112	X	12	PSYC211	X	16	RKKX315	H	16
MBWK114	X	12	RKKX214	H	16	TMBP311 OF TMBP312	H	16
PSYC111	X	12	TMBP211	H	16	WVES311	X	12
RKKX113	H	12						
TMBP111	H	12						
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>60</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>56</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>60</b>
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK226	X	8	MBWK324	H	16
BMAN121	X	12	RKKX224	H	16	RKKX324	H	16
KCOM122	X	12	TMBP221	H	16	RKKX325	H	16
PSYC121	X	12	WVGW221	X	12	TMBP321 OF TMBP322	H	16
RKKX123	H	12						
TMBP121	H	12						
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>72</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>52</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>64</b>
<b>Totaal Jaarvlak 1</b>		<b>132</b>	<b>Totaal Jaarvlak 2</b>		<b>108</b>	<b>Totaal Jaarvlak 3</b>		<b>124</b>
<b>Krediet totaal van die kurrikulum</b>								<b>364</b>

# Studente wat nie die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid geslaag het nie, is verplig om vir AGLA/E111 te registreer.

\* Indien 'n student TMBP311 neem moet die student TMBP321 in die tweede semester neem. Dieselfde geld vir TMBP312 en TMBP322

### **G.3.5 PROGRAM: MAATSKAPLIKE WERK EN PSIGOLOGIE**

*Hierdie program faseer in geheel uit vanaf 2010 – geen nuweling word ingeneem nie.*

#### **G.3.5.1 Kwalifikasie- en programkode: 100 168**

Die program behels opleiding in Maatskaplike Werk en Psigologie as hoofvakke, met Sosiologie as ondersteunende vak. Psigologie word saam met Maatskaplike Werk tot op die derde vlak geneem. Die maatskaplikewerk-vak omsluit beide teoretiese en praktiese opleiding ten einde die student toe te rus om dienste in die breë veld van gemeenskapsontwikkeling te lewer. Indien die student as Maatskaplike Hulpwerker by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk Professions geregistreer is, is hy/sy onderworpe aan die vereistes regulasies soos deur die Statutêre Raad bepaal.

#### **G.3.5.2 Toelatingsvereistes van die program**

**Vereiste APS-telling: 20**

#### **G.3.5.3 Fakulteitspesifieke vereistes**

- a) Studente wat vir die BA-graad (met Maatskaplike Werk en Psigologie as hoofvakke) ingeskryf is, moet voor die einde van die eerste semester van die eerste studiejaar vir keuring aanmeld. Die keuringsproses moet voor die einde van die eerste semester van die tweede studiejaar afgehandel wees.
- b) Vanweë statutêre vereistes sal geen student wat die vak Maatskaplike Werk neem tot hetsy die tweede- of derde studiejaar toegelaat word as hy of sy nie ingevolge die Wet op Maatskaplike Diensberoep 1978 (Wet 110 van 1978) as Student-Maatskaplike Werker geregistreer is nie.
- c) Die betaalbare gelde vir die voorgeskrewe modules dek nie alle koste in verband met die voorgeskrewe werk nie. Alle koste verbonde aan praktiese werk gedurende universiteitsvakansies en blokpraktika moet deur die student self gedra word.
- d) Studente kan slegs met die skriftelike toestemming van die tersaaklike Skooldirekteure van program/kurrikulum verander.
- e) Studente moet aan die einde van hulle derdejaar bewys kan lewer dat hulle aan al die vereistes van die praktikum voldoen het.
- f) Studente wat vir die praktikum gedeeltes van modules BSWG211, BSWG221, BSWG222, GSWG312, BSWG313, BSWG321 'n onvoltooid punt kry, ontvang nie toelating tot eksamen nie.

Vergelyk ook G.1 van hierdie jaarboek.



**G.3.5.4 Kurrikulum: Maatskaplike Werk en Psigologie**

**G.3.5.4.1 Kurrikulumuitkomste**

Die student sal vaardig wees in die lewering van gemeenskapsontwikkelingsdienste.

**G.3.5.4.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum**

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- b) Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in Psigologie en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

**G.3.5.4.3 Samestelling van kurrikulum: Maatskaplike Werk en Psigologie  
NUWE BELYNDE PROGRAM (faseer uit vanaf 2010) (Geen nuweling)**

Kwalifikasie- en programkode: 100 168; Kurrikulumkode: G301P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	BSWG211	H	12	BSWG311	H	8
BSWG111	H	12	BSWG212	H	8	BSWG312	H	12
BSWG112	H	12	BSWG213	H	8	BSWG313	H	12
BSWG113	H	12	PSYC211	H	16	PSYC311	H	16
PSYC111	H	12	PSYC212	H	16	PSYC312	H	16
SOCL111	H	12	SOCL211	H	16			
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>60</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>76</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>		<b>64</b>
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	BSWG221	H	8	BSWG321	H	12
BSWG121	H	12	BSWG222	H	8	BSWG322	H	16
BSWG122	H	12	BSWG223	H	8	BSWG323	H	12
PSYC121	H	12	BSWG224	H	8	PSYC321	H	16
SOCL121	H	12	PSYC221	H	16	PSYC322	H	16
			SOCL221	H	16			
			WVGW221	X	12			
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>60</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>76</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>		<b>72</b>
<b>Totaal Jaarvlak 1</b>		<b>120</b>	<b>Totaal Jaarvlak 2</b>		<b>152</b>	<b>Totaal Jaarvlak 3</b>		<b>136</b>
<b>Kredittotaal van die kurrikulum</b>								<b>408</b>

# Studente wat nie die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid geslaag het nie, is verplig om vir AGLA/E111 te registreer.

## **G.3.6 PROGRAM: PSIGOLOGIE EN AFRIKAANS EN NEDERLANDS**

### **G.3.6.1 Kwalifikasie- en programkode: 100 169**

Na voltooiing van die program Psigologie en Afrikaans en Nederlands behoort die student:

- a) afgeronde en sistematiese kennis, vaardighede, bevoegdhede en waardes van/in Psigologie, geïntegreerd met die teorieë, beginsels, prosesse en tegnieke van die tweede hoofvak te kan demonstreer;
- b) bevoeg wees om probleme in praktykgerigte gesondheidsituasies te identifiseer, ontleed, voorkom en oplos binne die aanvaarde waardes en etiese raamwerk van die Psigologie en te kan demonstreer dat in die bereiking van die uitkomst, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêreld- en mensebeskouing en 'n gevestigde teoretiese en waardesisteam;
- c) individueel of in groepe bewysgedrewe interpretasie deur analyse, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur:
  - i) dit teoreties te kan fundeer;
  - ii) dit met behulp van IT skriftelik en mondeling aan leke en professionele gehore te kan kommunikeer.

### **G.3.6.2 Toelatingsvereistes van die program**

**Vereiste APS-telling: 20**

### **G.3.6.3 Fakulteitspesifieke vereistes**

Vergelyk ook G.1 van hierdie jaarboek.

### **G.3.6.4 Kurrikulum: Psigologie en Afrikaans en Nederlands**

#### **G.3.6.4.1 Kurrikulumuitkomst**

Om studente die geleentheid te bied tot die verwerwing van graadvlakvaardigheid en toegepaste vaardighede in die veld van Psigologie en om hulle bewus te maak van die toegevoegde waarde wat taal- en literatuurstudie kan inhou vir die beroepswêreld.

#### **G.3.6.4.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum**

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- b) Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in Psigologie of Afrikaans en Nederlands en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

**G.3.6.4.3 Samestelling van kurrikulum: Psigologie en Afrikaans en Nederlands**  
**Kwalifikasie- en programkode: 100 169; Kurrikulumkode: G301P**

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• bevoegdheid te hê om binne die raamwerk van die nasionale gesondheidsorg- en medisynebeleid;</li> <li>• bestuurde gesondheidsorgbeginsels in die praktyksituasie te kan implimenteer en toepas en die resultate daarvan eties te kan rapporteer en interpreteer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode: FPKG425 (G412P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Farmasiepraktyk V	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende oorsigtelike kennis te hê van mensehulp-bronbestuur binne die konteks van Arbeidswetgewing in SA;</li> <li>• oor die vaardigheid beskik om die onderlinge verband tussen die verskillende aspekte van mensehulpbronbestuur aan te dui;</li> <li>• oor die bevoegdheid beskik om scenarios te interpreteer en oplossings vir praktykprobleme voor te stel;</li> <li>• eties korrek, vanuit 'n suiwer en gevestigde waardesisteem, leiding te neem van en deel te neem in 'n werkspan;</li> <li>• na te dink oor die algemene bestuursbeginsels vanuit 'n organisasieperspektief</li> <li>• kommentaar te lewer oor die verskeie temas en filosofieë onderliggend aan die ontwikkeling en geskiedenis van bestuur en dit toe te pas op moderne praktyk;</li> <li>• die professionele vaardighede wat van bestuurders tydens probleemoplossing vereis word, te evalueer;</li> <li>• die basiese bestuursfunksies/pilare te identifiseer;</li> <li>• die B-O-L-B-segmente (Beplanning-Organisering-Leiding-Beheer) van bestuur te beskryf wat 'n bestuurder in 'n apteek in staat stel om probleme op te los en geleenthede te skep;</li> <li>• hedendaagse bestuurskwessies te identifiseer wat 'n invloed kan hê op verskeie aspekte van 'n apteek en die farmasieberoep; en</li> <li>• mondelings en skriftelik, alle bestuurswerkzaamhede eties reg te hanteer</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	

G.14.4.2.5 Kliniese Farmasie

<b>Modulekode:</b> FPFG121 [G413P]	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie IB	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die mikro- en makro anatomie van die kop en nek, boonste- en onderste ledemate, abdomen en pelvis t.o.v muskulêre-, neurologiese- en vasculêre voorsiening, limfdreinerings, osteologie, ligamente en strukture te identifiseer, beskryf, bespreek en diagrammaties voor te stel;</li> <li>• bogenoemde in gevallestudies en kliniese toepassings te kan bespreek om m.b.v. hierdie insig en kennis gesondheid in die praktyk te help bevorder, instand te hou en te verstaan;</li> <li>• begrippe in anatomie te definieer, verstaan, en toe te pas in die identifisering van verskillende strukture deur o.a van verskeie bronne, die internet en praktiese toepassings op geplastifiseerde modelle, kadawers en illustrasies gebruik te maak;</li> <li>• Selfstandig en in 'n groep te werk ten einde die uitkenning van anatomiese strukture suksesvol te kan doen;</li> <li>• Om vanuit 'n gevestigde waardesisteem eties korrek op te tree tydens praktika op kadawers en geplastifiseerde monsters.</li> </ul>	
<b>Modulekode:</b> FPFG311 (G412P)	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Kliniese Patologie	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde kennis van algemene patologiese prosesse, soos die akute en chroniese ontstekingsreaksies, hipersensitiwiteitsreaksies, sirkulasieversteurings en sellulêre reaksies op beserings te kan demonstreer deur dit in probleemoplossing te kan toepas;</li> <li>• 'n afgeronde kennis van patologiese prosesse van spesifieke siektetoestande van verskillende orgaanstelsels te kan demonstreer deur dit in gevallestudies te kan toepas;</li> <li>• bewys te kan lewer van 'n afgeronde kennis van menslike mikro- en makro- anatomie en dit met vertroue in analyses en evaluering van scenario's en feitestelle te kan gebruik;</li> <li>• siektetoestande en afwykings wat algemeen voorkom te kan herken en te kan hanteer;</li> <li>• suksesvol aan groepwerk te kan deelneem en self ook leiding te kan neem;</li> <li>• inligting te kan inwin, te verifieer en in samehangende verslagvorm te kan vervat en aan 'n gehoor met die gebruik van IT toerusting te kan kommunikeer;</li> <li>• vanuit 'n gevestigde waardesisteem eties korrek te kan</li> </ul>	



	<p>optree;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gereed te wees om die normaal en abnormaal van die menslike liggaam en sy stelsels met mekaar te kan vergelyk.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode: FPFG321 (G412P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Gesondheidskunde	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n afgeronde kennis te beskik van die siektetoestande en die identifiserende/tiperende simptome van die siektetoestande kan demonstreer en die belang daarvan vir die praktiserende apteker te kan weergee;</li> <li>• die etiologie (oorsake) van siektetoestande ken;</li> <li>• vaardig wees om 'n pasiëntgeskiedenis sodanig te kan neem dat hierdie proses doelgerig afstem op die maak van 'n differensiële diagnose en die aanbeveling van 'n behandelingsregime;</li> <li>• pasiënte met respek en menswaardigheid te hanteer;</li> <li>• kan aantoon dat u vanuit 'n gevestigde en suiwer etiese grondslag optree;</li> <li>• bevoeg wees om toepaslike praktiese pasiëntadvies te kan verskaf, wat insluit advies oor die siektetoestand, en die korrekte en veilige gebruik van medisyne verskaf en met empatie te kommunikeer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode: FPFG411 (G412P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie I	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis te dra van die teorie en filosofie van farmaseutiese sorg;</li> <li>• 'n farmaseutiese sorgplan vir 'n pasiënt kan ontwikkel;</li> <li>• oor kennis en vaardighede beskik in die uitvoer van siftingstoetse (urine-analise, bloedtoetse, cholesteroltoetse, bloeddrukbeplaging en longfunksie toetse), asook die implementering van primêre sorg siftingstoetse en moniteringsdienste in 'n apteek;</li> <li>• basiese laboratoriumtoetse kan interpreteer en</li> <li>• fisiese ondersoeke op primêre gesondheidsorgvlak kan uitvoer wat ondersoeke van die neurologiese stelsel, borskas, abdomen, oë, mondholte, oor, neus en keel insluit.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x2 uur 1 : 1	

<b>Modulekode:</b> FPFG422 (G412P)	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie	
<b>Module-uitkomst:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kennis oor die teorie en filosofie van farmaseutiese sorg te illustreer;</li> <li>• 'n Farmaseutiese sorgplan vir 'n individuele pasiënt ontwikkel;</li> <li>• Basiese laboratorium toetse kan interpreteer;</li> <li>• Dokumentering en interpretasie van 'n pasiënt se geskiedenis en/of anamnese klinies doen;</li> <li>• Kliniese siftingstoetse uitvoer, te interpreteer, en deur middel van akkurate kliniese oordeel die pasiënt adviseer en/of verwys na sekondêre gesondheidsorg;</li> <li>• Fisiese ondersoeke op primêre gesondheidsorg vlak uitvoer;</li> <li>• Vaardigheid kan demonstreer met die ondersoek van die neurologiese stelsel; borskas; abdomen; die oë; die mondholte; die oor; neus en keel;</li> <li>• Kennis en vaardighede van die inspuiting tegniek kan demonstreer;</li> <li>• Immunisering vaardighede en die kennis daarvan demonstreer;</li> <li>• Kennis en vaardighede demonstreer ten opsigte van die hantering en die behandeling van akute minder ernstige siektetoestande;</li> <li>• Geneesmiddelverwante probleme van 'n pasiënt identifiseer en die voorkoming van die probleme aanbeveel, asook om die pasiënt se kommer effektief hanteer deur bepaalde maatreëls te tref;</li> <li>• Die werking en nuwe-effekte van geneesmiddels antisipeer en aan 'n pasiënt verduidelik, asook die kontra-indikasies en die kliniese beginsels wat betrokke mag wees;</li> <li>• Toepaslike kennis van farmakologie integreer en op die vlak van primêre sorg toepas;</li> <li>• Insig demonstreer ten opsigte van die sorg en hantering van chroniese siekte-toestande;</li> <li>• Kennis en vaardighede demonstreer ten opsigte van die rasonale terapie van minder ernstige siektetoestande en die verwysing van ernstige siektetoestande of komplikasies na sekondêre gesondheidsorg;</li> <li>• Kennis demonstreer ten opsigte van die etiologie, simptome en tekens, en die behandeling van 'n reeks algemene siektetoestande wat insluit: Neurologiese ongesteldhede; oftalmiese ongesteldhede; siektes van die mondholte, oor neus en keel; boonste en onderste lugweg infeksies; kardiovaskulêre siektes; diabetes; muskulo-skeletale siektes; vel siektes; urienweg infeksies en</li> </ul>	

	seksueel oordraagbare siektes; <ul style="list-style-type: none"> <li>• Suksesvol in groepsverband werk en self ook leiding kan neem;</li> <li>• Probleme oplos deur inligting in te win, te verifieer en samehangend in 'n verslag vervat en kommunikeer en</li> <li>• Vanuit 'n gevestigde waardesisteem eties korrek optree..</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FPFG423 (G412P)	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie II	
<b>Module-uitkomste:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• farmaseutiese sorg binne die bestek van die farmaseutiese profesie te kan beoefen;</li> <li>• omvattende kennis van farmakologie en kliniese vaardighede kan integreer met nuwe kennis van farmakoterapie en sinvol in die praktyk kan toepas;</li> <li>• dit behels kennis en vaardighede ten opsigte van die hantering van anafilakse, die inspuiting tegniek, die behandeling van minder ernstige siektetoestande en die verwysing van ernstige siektetoestande of komplikasies na sekondêre gesondheidsorg;</li> <li>• kennis te dra van die etiologie, simptome en behandeling van 'n reeks algemene siektetoestande wat insluit: neurologiese ongesteldhede, oftalmiese ongesteldhede, siektes van die mondholte, boonste en onderste lugweg-infeksies, kardiovaskulêre siektes, gastroïntestinale siektes, diabetes, urienweg-infeksies, seksueel oordraagbare siektes, skelet- en gewrigsiektes, velsiektes, en siektes veroorsaak deur parasiete.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	

#### G.14.4.3 SKOOL VIR FISIOLOGIE, VOEDING EN VERBRUIKERSWETENSKAPPE

##### G.14.4.3.1 Fisiologie

<b>Modulekode:</b> FLGX113	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Inleidende Fisiologie	
<b>Module-uitkomste:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• oor basiese kennis ten opsigte van die strukturele en chemiese samestelling van die menslike liggaam, die selstruktuur, verskillende membraan transportsisteme, homeostatiese beheerstelsels, ensiemwerking, membraan-potensiale en sellulêre kommunikasie beskik as onderbou</li> </ul>	

	<p>vir verdere studie in Fisiologie.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die student sal ook die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX123	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Membraan- en Spierfisiologie	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>grondige kennis te hê van die biofisiese (potensiaalverskille, lading, stroomvloeï) en biochemiese karakter (chemiese samestelling van ionkanale, konformasieveranderinge van kanaalproteïene, ligand-reseptorinteraksies) van membraanfisiologie;</li> <li>oor 'n grondige kennis beskik van die belang van membraanfisiologie in die beheer van fisiologiese funksies deur die verandering in membraan deurlaatbaarheid;</li> <li>oor basiese kennis ten opsigte van sellulêre kommunikasie en informasie oordrag beskik as noodsaaklike onderbou vir verdere studie;</li> <li>fundamentele kennis kan demonstreeer van die funksionele anatomie van spierweefsel, die molekulêre meganisme van kontraksie, die prosesse geassosieer met eksitasie-kontraksie koppeling en neuro-muskulêre aansluiting asook toepassings hiervan soos bv. voedselvergiftiging te kan bespreek;</li> <li>die beginsels van spiermeganika te verstaan en kan toepas in die gebruik van bv oefenapparaat;</li> <li>die energiemetabolisme van spierkontraksie te kan beskryf en toepas in bv oefening;</li> <li>te kan onderskei tussen skeletspier, gladdespier en hartspier en die praktiese nut van die verskille aantoon;</li> <li>die beheer en koördinerings van motoriese beweging kan bespreek en met effektiewe voorbeelde illustreer;</li> <li>die vermoë demonstreeer om oorsake en gevolge van spierafwykings soos Myastenia Gravis, spierdistrofie, rigor mortis, hipertrofie en atrofie te identifiseer en te analiseer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX114	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Inleidende Fisiologie vir BA en BSc Verbruikerswetenskappe	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>oor basiese kennis ten opsigte van die spysverteringskanaal, spysvertering, absorpsie en vertering, voeding en metabolisme, termoregulering, die urinestelsel, die vloeistof- en elektrolietbalans en sensoriese reseptore</li> </ul>	

	<ul style="list-style-type: none"> <li>• beskik;</li> <li>• die relevante vakkundige terminologie te ken en kan gebruik;</li> <li>• kennis te dra van die bronne waarin wetenskaplike inligting oor fisiologie verskyn;</li> <li>• die basiese kennis wat geleer word op die praktyk van u toekomstige beroep te kan toepas;</li> <li>• 'n eties verantwoordelike houding jeens die menslike fisiologie te demonstreer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FLGX124</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Spierfisiologie vir BA	
<b>Module-uitkomst:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• oor basiese kennis ten opsigte van die spierstelsel, senuwee voorsiening aan die spiere, werking van spiere, die hart en die respiratoriese stelsel te beskik;</li> <li>• die relevante vakkundige terminologie te ken en te kan gebruik;</li> <li>• die basiese kennis wat geleer word op die praktyk van 'n toekomstige beroep te kan toepas;</li> <li>• in staat te wees om wetenskaplike inligting oor fisiologie uit verskeie bronne te bekom;</li> <li>• bewus te wees van etiese aspekte in die menslike fisiologie.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FLGX213</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Endokriene stelsel en Spysvertering	
<b>Module-uitkomst:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis van die eienskappe en funksionering van hormone en endokriene kliere te demonstreer;</li> <li>• insig te demonstreer in die chemiese klasse van hormone met voorbeelde en fisiologiese funksies van hormone in elke klas;</li> <li>• hormone as chemiese boodskappers in homeostatische beheer-meganismes kan toepas;</li> <li>• 'n grondige kennis in hormoon sintese, sekresie en die beheer van sekresie, transport, metabolisme, meganismes van hormoonwerking, en die hipotalamus-hipofise beheer-sisteem kan demonstreer;</li> <li>• kennis van endokrinologie kan toepas om endokriene abnormaleiteite soos onder andere diabetes mellitus en hipo- of hipertiroïdisme te kan verklaar;</li> <li>• fundamentele kennis van die funksionele anatomie, ontwerp, funksie en beheer (neuraal en hormonaal) van die</li> </ul>	

	spysverteringskanaal en geassosieerde organe te kan demonstreer; <ul style="list-style-type: none"> <li>oorsake en gevolge van afwykings van die spysverteringskanaal te identifiseer en te analiseer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX223	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Fisiologiese verdedigingsmeganismes	
<b>Module-uitkomst:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>die relevante vakkundige terminologie te ken en te gebruik, 'n grondige kennis van die verdedigingsmeganismes te openbaar wat insluit die rol van die vel as eerste verdedigingslinie, die nie-spesifieke en spesifieke verdedigingsmeganisme van die liggaam, asook hoe die liggaam die indringing van virusse en bakterieë, en ook die vorming van kankerselle beveg;</li> <li>kennis te hê van koagulasie van bloed en die meganisme om bloedverlies te beperk (bloedverlies mag die liggaam se voortbestaan bedreig);</li> <li>die waarde wat kennis van die fisiologiese verdedigingsmeganismes vir menslike gesondheid het te kan motiveer en die relevante fisiologiese verdedigingsmeganisme-probleme op 'n geïntegreerde wyse te kan beredeneer en op te los.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX224	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Metabolisme	
<b>Module-uitkomst:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>die rol van Adenosientrifosfaat (ATP), energie bronne en metaboliese tempo te kan bespreek;</li> <li>diagramme en skematiese voorstellings van die belangrikste metaboliese weë soos glikogenese, glikogenolise, glukose, Krebs-siklus en oksidatiewe fosforilering kan teken en verduidelik;</li> <li>oor aspekte van koolhidraat-, lipied- en proteïen-metabolisme kan kommunikeer;</li> <li>die eienskappe, oorsake en gevolge van metaboliese afwykings soos ketose en aterosklerose te kan bespreek.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX312	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Uitskeiding	
<b>Module-uitkomst:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:	

	<ul style="list-style-type: none"> <li>• die fisiologiese anatomie van die nier te bespreek, kennis hê van die prosesse van urienvorming, die mikturisie refleks asook die samestelling van uriene;</li> <li>• kennis te hê van die niere se rol in die handhawing van suur-basis ewewig (alkalose en asidose) in die liggaam, sowel as die handhawing van homeostase in die algemeen en hierdie kennis kan toepas om die rol van die nier in verskillende fisiologiese beheerproesse te kan verduidelik;</li> <li>• ingelig te wees oor die rol wat die vel in sekretoriese funksies en homeostase speel.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX313	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Respirasie	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die rol van die longe in die handhawing van die interne omgewing van individuele selle en die liggaam verstaan;</li> <li>• ventilasie van die longe te verstaan waar suurstof na die alveoli beweeg en koolsuurgas as metaboliese afvalprodukt verwyder word;</li> <li>• kennis te hê van die uitruil van suurstof en koolsuurgas deur passiewe diffusie in die alveoli asook in die weefsel;</li> <li>• die struktuur van hemoglobien, en die rol van hemoglobien in die transport van suurstof en koolsuurgas in die bloed te kan beskryf;</li> <li>• van die kardiovaskulêre sisteem se rol moet kennis geneem word in die transport van die asemhalingsgasse na en van die weefsel;</li> <li>• kennis te hê van hoe beheer van asemhaling plaasvind en hoe siektetoestande die respirasie sisteem beïnvloed;</li> <li>• kennis hê van die long as teikenorgaan vir atmosferiese besoedelingstowwe.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX314	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Kardiovaskulêre Fisiologie	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• wetenskaplike kennis en insig te demonstreer in die meganismes, funksies, fisiese eienskappe en geïntegreerde beheer van die kardiovaskulêre stelsel;</li> <li>• die ontstaan van 'n elektriese impuls en die geleiding daarvan oor die hart te begryp en kan toepas;</li> <li>• die gebeure tydens die kardiaale siklus kan weergee en kan toepas tydens bv. hartversaking en oefening;</li> <li>• die mediese fisika van druk, vloei en weerstand verstaan;</li> <li>• die mikrosirkulasie en die limfatiese sisteem kan bespreek</li> </ul>	

	<p>en kan toepas in verskillende siektetoestande;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die vaskulêre vervormbaarheid en die funksies van die arteriële en veneuse sisteem kan bespreek;</li> <li>• kennis en insig in die geïntegreerde beheer van die kardiaale omset, veneuse terugkeer, bloeddruk en lokale bloedvloei kan demonstreer;</li> <li>• die dominante rol van die nier in die langtermyn beheer van die arteriële bloeddruk kan kommunikeer en verskillende modelle van hipertensie kan uiteensit;</li> <li>• grafiese analise van hartfunksie kan uitvoer en prakties kan toepas;</li> <li>• kennis en insig toon in die koronêre sirkulasie en kan toepas in koronêre aandoenings;</li> <li>• die kennis bekom te kan toepas en integreer soos in sirkulatoriese skok, miokardiale infarksie en ander patologiese toestande;</li> <li>• die risikofaktore van kardiiovaskulêre gesondheidsprobleme te kan identifiseer, oplos en/of voorkom.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FLGX325</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Neurofisiologie	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis hê van die hoof funksies van die senuweestelsel naamlik sensoriese, motoriese en integrasie, insluitende neuronstruktuur en –funksie, impulsgeleiding, sinaps-werking;</li> <li>• oor grondige kennis van die werking van die sensoriese senuweestelsel beskik insluitende reseptorfunksie, somatiese sensasie (bv. pyn en pynhantering), sintuig-fisiologie (bv. oog, oor, smaak en reuk);</li> <li>• 'n grondige kennis van die ontvangs van en reaksie op sensoriese inligting hê om die werking van die motoriese stelsel insluitende die rugmurg, motoriese breinkorteks, serebellum en basale ganglia te verstaan;</li> <li>• hoër korteks funksionering as integrasie funksie van die senuweestelsel verstaan en ken, insluitende: dominante hemisfeer, verbale en nie-verbale intelligensie, gedrag- en motiveringsmeganismes, breinaktiwiteit, epilepsie en slaap;</li> <li>• die meganismes van die sintese en werking van die verskillende tipes neurotransmitters moet verstaan word om die neuropatologie van onder andere depressie, Tourette sindroom, Alzheimer se siekte, parkinsonisme, skizofrenie, disleksie, voedingsgedrag, alkohol en dwelmmisbruik op geheue verstaan;</li> <li>• die struktuur en integrasie van die outonome senuweestelsel met die limbiese stelsel en die rol daarvan in reaksies soos die stresreaksie verstaan;</li> </ul>	



	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike kennis word verwag van breinmetabolisme en serebrospinale vloeistofsisteem asook die belangrikheid van voeding en skedeltrauma op die brein.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX326	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Voortplanting en Omgewingsfisiologie	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• grondige kennis hê ten opsigte van die struktuur en funksie van die manlike en vroulike geslagstelsels asook die endokriene beheer van die geslagsfunksies;</li> <li>• oor kennis beskik van patologiese toestande van die geslagstelsels soos onvrugbaarheid en geslagsoordragbare siektes;</li> <li>• grondige kennis beskik van die proses van bevrugting, fisiologies aanpassings van die moeder tydens swangerskap en die fisiologies aanpassings van die pasgebore baba;</li> <li>• oor kennis beskik van die fisiologiese veranderinge wat intree tydens puberteit en menopouse;</li> <li>• oor grondige kennis van die menslike fisiologiese reaksies en adaptasie teenoor verskeie omgewingsfaktore beskik. Die omgewingsfaktore sluit in stres, rook, ultraviolet straling, geraas, temperatuur en omgewingsdruk;</li> <li>• oor kennis beskik in verband met rookverwante en alkoholverwante patologie, die effek van hoë en lae omgewingstemperatuur op die liggaam en verwante patologie, geraasverwante patologie asook die adaptasie van die liggaam aan hoë en lae omgewingsdruk.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLPX112	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde A	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die basiese selffunksies: selstruktuur, proteïenaktiwiteit en beweging van molekules oor selmembrane te kan beskryf asook homeostatiese meganismes;</li> <li>• 'n grondige kennis hê van sellulêre kommunikasie, senuwee beheersisteme en sensoriese stelsels</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLPX113 (G413P)	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Fisiologie vir Farmasie IA	
<b>Module-uitkomste:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:	

	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die basiese selffunksies: selstruktuur, proteïenaktiwiteit en beweging van molekules oor selmembrane kan beskryf asook homeostatische meganismes.</li> <li>• 'n Grondige kennis hê van sellulêre kommunikasie, sensoriese stelsels en hormonale beheersisteme.</li> <li>• Die relevante vakkundige terminologie te ken en te kan gebruik.</li> <li>• Kennis te dra van die bronne waarin wetenskaplike inligting oor fisiologie verskyn.</li> <li>• Die basiese kennis wat geleer word op die praktyk van u toekomstige beroep te kan toepas.</li> <li>• 'n Eties verantwoordelike houding jeens die menslike fisiologie te demonstreer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLPX122	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde B	
<b>Module-uitkomste:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis te hê van hormonale beheersisteme, asemhalingsfisiologie (respirasie), fisiologie van die spysverteringskanaal, spierfisiologie en voortplantingsfisiologie;</li> <li>• die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. Kennis hê van algemene siekte toestande wat geassosieer word met bogenoemde orgaanstelsels.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLPX123 (G413P)	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Fisiologie vir Farmasie /B	
<b>Module-uitkomste:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kennis hê van spierfisiologie, kardiovaskulêre fisiologie, respirasie, water- en elektrolietbalans.</li> <li>• Die spysverteringskanaal prosesse en metabolisme kan beskryf.</li> <li>• Oor kennis van die voortplantingsfisiologie beskik.</li> <li>• Kennis hê van immunologie asook van HIV en die ontstaan van outo-immune siektes.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLPX221	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde C	
<b>Module-uitkomste:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis hê van die kardiovaskulêre stelsel,</li> </ul>	

	nierfisiologie en immunologie; <ul style="list-style-type: none"> <li>die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. Kennis hê van algemene siekte toestande wat geassosieer word met bogenoemde orgaanstelsels.</li> </ul>
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1

#### G.14.4.3.2 Dieetkunde / Voedingkunde

##### G.14.4.3.2.1 Anatomie

<b>Modulekode:</b> ANAS122	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Sistemiese anatomie	
<b>Module-uitkomste:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>die makro-anatomie van die kardiopulmonale stelsel, gastroïntestinale stelsel, urogenitale stelsel en sentrale senuwee-stelsel aan die hand van gevallestudies te bespreek ten einde kennis en begrip van die fundamentele rol van sistemiese anatomie in die Gesondheidswetenskappe te demonstreer sodat gesondheid bevorder, instandgehou en herstel kan word.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	

##### G.14.4.3.2.2 Gesondheidsbevordering

<b>Modulekode:</b> VPGR211	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Inleiding tot primêre gesondheidsorg	
<b>Module-uitkomste:</b>	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>'n oorsig kan gee oor die gesondheidsdienste in Suid-Afrika, met verwysing na primêre gesondheidsorg, en dit krities kan evalueer;</li> <li>op grond van die basiese beginsels en komponente van primêre gesondheidsorg binne die wetlike, etiese en sosiokulturele raamwerk aktief aan gemeenskapsprogramme en gesondheidsdienste kan deelneem;</li> <li>die wetenskaplike benadering van verpleging met betrekking tot omgewingsgesondheid binne die Teorie van die Hele Mens kan implementeer, met die nodige oorweging aan die ekologiese en voorkomende, bevorderings- en rehabiliteringsdimensies, terwyl jy die hoogste standaard gesondheidsorg verskaf om die gesondheid van individue, gesinne en groepe in die gemeenskap te herstel;</li> </ul>	

	<ul style="list-style-type: none"> <li>• kan funksioneer as lid van 'n gesondheidsorgspan wat by gemeenskapsgesondheid betrokke is, terwyl jy 'n bewuste begrip van jou rol en funksies, verantwoordelikhede en aanspreeklikheid as 'n verpleegkundige in die dissipline van gemeenskapsgesondheid en die oorkoepelende gesondheidstelsel toon; en</li> <li>• die wetenskaplike proses van verpleging kan toepas ten einde 'n kultureel-kongruente oorkoepelende primêre gesondheidsorgdiens aan die moeder en kind, vanaf geboorte tot adolessensie, te verskaf.</li> </ul>
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	

#### G.14.4.3.2.3 Terapeutiese Voeding

<b>Modulekode:</b> VTRP321	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Terapeutiese voeding	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde kennis te hê oor alle aspekte rakende spesifieke siektetoestande met dieetimplikasies;</li> <li>• gevallestudies te kan ontleed om jou kundigheid ten opsigte van voedingsondersteuning, trauma, en die verband tussen siektetoestande en nutriëntinteraksies teoreties en prakties te demonstreer;</li> <li>• voedingsorgplan vir die monitering en/of herstel van relevante siektetoestande op te stel of aan te pas en die waarde daarvan te kan motiveer en evalueer;</li> <li>• op 'n eties verantwoorde en professionele wyse op alle vlakke van funksionering met siek en gesonde pasiënte/kliënte te kan kommunikeer en hul behandel.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> VTRP471	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 40</b>
<b>Titel:</b>	Toegepaste terapeutiese voeding	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kundig te wees oor die aard, etiologie, simptome, kliniese beeld, patologie, diagnose en die medikasie van spesifieke siektetoestande met dieetimplikasies;</li> <li>• gevallestudies te kan ontleed ten einde kundigheid ten opsigte van die verband tussen siektetoestande van die verskillende organe, immuunsisteem en nutriëntinteraksies; wysig of vervang 'n nutriënt bestuursplan vir die monitering en/of herstel van relevante siektetoestande in die hospitaal asook gemeenskap;</li> <li>• die waarde van die spesiaal aangepaste dieet vir die</li> </ul>	

	<p>prognose en herstel van spesifieke siektetoestande, te kan motiveer en evalueer;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vaardighede en bevoegdhede betreffende die beginsels, praktyk en evaluering van diëte vir paediatriese pasiënte te toon.</li> </ul>
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1

#### G.14.4.3.2.4 Voeding

<b>Modulekode:</b> <b>HOB615</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> <b>Krediete: 32</b>
<b>Titel:</b>	Beleidsanalise en projekbestuur	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Understand what Public Policy is all about and demonstrate a critical and creative approach towards it;</li> <li>• Discuss the theory and practice of Public Policy at the level of maturity as an Honours candidate;</li> <li>• Know what the primary objective of public management and governance, as functional activity of Public Management and Administration entails;</li> <li>• Understand public policy and the statutory framework that must accommodate the implementation of public policy;</li> <li>• Understand the role of the community in the policy-making processes;</li> <li>• Deliver a meaningful contribution to the functioning of the public sector's activities and goals through critical and evaluative thinking;</li> <li>• Understand the planning process as it encompasses the processes of policy formulation, adoption, implementation and evaluation.</li> <li>• Define the concepts projects, programmes and project management;</li> <li>• Analyse the project management cycle;</li> <li>• List and explain the practical steps in project management;</li> <li>• Explain how to organise for project management;</li> <li>• Describe how line and project management structures should be combined;</li> <li>• Evaluate the interface between institutional strategy implementation and project management;</li> <li>• Evaluate the relevance of project management as a service delivery tool.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		

<b>Modulekode:</b> NPRG321	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Voedingprogrammering	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis en begrip van die voedingsprogrammeringsproses kan demonstreer;</li> <li>• omvattende kennis en begrip van die suksesfaktore in voedingsprogrammering kan demonstreer; en</li> <li>• omvattende kennis en begrip kan demonstreer van die relevante en toepaslike intervensies in Suid-Afrika om voedingsprobleme op te los.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> PHNT412	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Openbare gesondheidsvoeding as wetenskap	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• omvattende begrip van die openbare gesondheidsbenadering, -konsepte en -praktyke kan demonstreer ten einde strategieë te ontwikkel om spesifieke voedingverwante siektes te bestuur/beheer; en</li> <li>• omvattende begrip van die komplekse verwantskappe tussen voeding en gesondheid, onder- en oorvoeding kan demonstreer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> PHNC472	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Openbare gesondheidsvoeding – Gemeenskapsvlak	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• as individu en as lid van 'n span vanuit 'n gevestigde waardestelsel 'n deeglike vermoë kan demonstreer om die voedingsprobleme en -behoefte van groepe en individue in die gemeenskap te evalueer en ontleed;</li> <li>• die vermoë kan demonstreer om 'n toepaslike intervensieprogram in die gemeenskap te ontwikkel, ontwerp, implementeer, monitor en evalueer;</li> <li>• toepaslike opvoedingsriglyne kan gebruik om interaktiewe kontaksessies vir groepe kwesbare persone in 'n gemeenskap te beplan en fasiliteer deur toepaslike hulpbronne te gebruik, en dit op grond van spesifieke kriteria te evalueer; en</li> <li>• 'n eties verantwoordelike benadering tot die bestuur en implementering van gemeenskapsvoedingsdienste en -programme kan demonstreer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	

<b>Modulekode:</b> PHND472	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Openbare gesondheidsvoeding – Streeksvlak	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• as individu en as lid van 'n span vanuit 'n gevestigde waardestelsel 'n grondige kennis en begrip van die nasionale voedingsbeleid, riglyne en Geïntegreerde Voedingsprogram kan demonstreeer;</li> <li>• die vermoë kan demonstreeer om as deel van 'n multi- en interdisiplinêre groep aan die ontwikkeling van 'n voedsel- en voedingsbeleid vir die distrik deel te neem, en interne en eksterne beleid in bestuur te begryp en implementeer;</li> <li>• epidemiologiese voedingsdata en ander relevante data kan gebruik om kritieke kwessies te bepaal wanneer toepaslike optrede om voeding in die distrik te verbeter, beplan, ontwerp, gemoniteer en geëvalueer word; en</li> <li>• praktiese vaardighede kan demonstreeer om die instrumente van die Distriksgesondheidsinligtingstelsel (DGIS) se sagtewareprogram tot sy volle potensiaal te gebruik om die gehalte van data, aanwysers, verslae en terugvoering te verbeter; en die vermoë kan demonstreeer om toegang te verkry tot die opleidingsbehoefes van individue en/of groepe in gemeenskappe/instellings wat by voedingsdienslewering betrokke is, en toepaslike opvoedingsprogramme kan ontwikkel.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> PHNM472	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Openbare gesondheidsvoeding - Bestuursvlak	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vanuit 'n begronde etiese waardestelsel, as individu en as lid van 'n groep, 'n deeglike kennis en praktiese vaardighede ten opsigte van voedselveiligheid as 'n kritieke element van die transformasieproses kan demonstreeer, met inbegrip van die volgende: beskikbaarheid van voedsel, verspreiding van maaltye, aankope, ontvangs en produksie;</li> <li>• komplekse situasies en probleme met betrekking tot mensehulpbronbestuur, produktiwiteit, die begrotingsproses, prestasie en finansiële bestuur in die Voedseldiens-eenheid kan identifiseer, ontleed, evalueer en in verslagvorm aanbevelings kan maak en oplossings voorstel;</li> <li>• as individu en as 'n lid van 'n groep, wetenskaplike inligting versamel, evalueer en integreer om spyskaarte vir gesonde en siek persone saam te stel en ontwikkel; en</li> <li>• as individu en as lid van 'n groep, as bestuurder van die afdeling in die Voedseldiens-eenheid die generiese aspekte</li> </ul>	

	van bestuur (leierskap, beplanning, implementering, delegering en evaluering) in lewensegte situasies herken en kan implementeer.	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> VNAV472	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Voedingnavorsing	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• omvattende en sistematiese kennis en begrip van voedingsprobleme in 'n gemeenskap of voedseldiensopset kan demonstreer;</li> <li>• omvattende en sistematiese kennis en begrip van navorsingsmetodes, -tegnieke en -tegnologieë om 'n komplekse voedingsprobleem te identifiseer, kan demonstreer;</li> <li>• 'n literatuurstudie te onderneem, die inligting krities kan ontleed en evalueer en 'n navorsingsvoorstel kan ontwikkel;</li> <li>• die navorsingsvoorstel kan implementeer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ die nodige data te versamel, dit te interpreteer en die resultate en aanbevelings in 'n skriftelike opdrag (artikelformaat) van hoogstens 75 bladsye te kommunikeer;</li> <li>○ die data met behulp van 'n PowerPoint-aanbieding binne hoogstens 15 minute vir die deelnemers aan die studie aan te bied.</li> </ul> </li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> VNDL311	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Voeding: lewenstylsiektoestande	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vertrouwd wees met die aard, etiologie, simptome, kliniese beeld, patologie, diagnose van en middels vir spesifieke siektes met dieetimplikasies;</li> <li>• gevallestudies kan ontleed om jou vaardigheid ten opsigte van die verwantskap tussen siektes, medisyne, die spysverteringskanaal en voedingstof-interaksies teoreties en prakties te demonstreer;</li> <li>• 'n dieet kan saamstel of aanpas ten einde relevante siektes te monitor en/of bestuur;</li> <li>• die waarde van die spesiaal aangepaste dieet vir die prognose en bestuur van spesifieke siektes kan motiveer en evalueer; en</li> <li>• op 'n eties verantwoordelike manier op alle vlakke van funksionering met die siek en gesonde pasiënt/kliënt kan kommunikeer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	



<b>Modulekode:</b> VOED113	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Inleiding tot die profesie	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• uit die perspektief van 'n gevestigde etiese waardestelsel deeglike kennis en insig met betrekking tot die professionele vaardighede van 'n gekwalifiseerde dieetkundige en voedingkundige kan demonstreeer wanneer die relevante wette en regulasies van die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika toegepas word om die vernaamste loopbaanpaaië van die beroep te identifiseer en daaraan deel te neem;</li> <li>• as individu of as deel van 'n groep eenvoudige lewensegte situasies en probleme met betrekking tot die gedragskode vir professionele voedingkundiges en/of dieetkundiges, asook die gesondheidsprobleme eie aan die Suid-Afrikaanse bevolking, kan identifiseer, ontleed en evalueer en aanbevelings maak of oplossings daarvoor bied; en</li> <li>• wetenskaplike inligting oor etiese gedrag, privaat praktyk en lewenslange leer kan versamel, evalueer en integreer in 'n verslag wat aan die toepaslike formaat en konvensies van die dissipline voldoen, en dit ook mondeling aan 'n gehoor kan oordra.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> VOED122	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Voedingstatus	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• voedingstatus en die meegaande gesondheidsrisiko's kan evalueer;</li> <li>• 'n gebalanseerde dieet en dieetaanpassings vir die algemene publiek en veral vir sportlui kan voorskryf;</li> <li>• 'n eties regverdigbare benadering tot die saamstel en ontleding van dieetplanne kan demonstreeer;</li> <li>• tussen wetenskaplike kennis met betrekking tot voeding en kwaksalwery kan onderskei;</li> <li>• die inligting op voedsel etikette kan vertolk;</li> <li>• jou eie daaglikse energieverbruik kan bereken;</li> <li>• jou eie liggaamsgewig kan kategoriseer;</li> <li>• die gewig kan bereken wat nodig is om 'n gesonde liggaamsgewigindeks te bereik; en</li> <li>• 'n verstandige strategie kan aanbeveel om 'n gesonde liggaamsgewig te bereik en te handhaaf</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	

<b>Modulekode:</b> VOED211	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Nutriënte	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n goed-afgeronde en sistematiese kennis hê om insig met betrekking tot die fisiese en chemiese aard van koolhidrate, metaboliese funksies en die gesondheidseffek daarvan, die vervoer van lipiede in die bloed, bronne van proteïene, mikrovoedingstowwe, funksionele voedselsoorte en fitochemikalieë te kan demonstreer;</li> <li>• bevoegdhede en vaardighede kan demonstreer om dieetprobleme te identifiseer en ontleed, diëte te beplan, ontleed en evalueer, dieetprobleme wat in werklike gevallestudies verskaf word, met behulp van toepaslike riglyne, beginsels en teorieë op te los; en</li> <li>• as 'n individu of as deel van 'n span, volgens voorgeskrewe standarde voorstelle en resultate met behulp van die relevante IT en skriftelike verslae en dokumente aan portuurgroepe en kundiges kan kommunikeer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> VOED221	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Gesins- en gemeenskapsvoeding	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die fisiologiese en sosiologiese faktore kan identifiseer wat voedingsvereistes tydens die lewensiklus beïnvloed;</li> <li>• dieetontledings kan doen vir en aanbevelings kan maak aan individue en groepe in die verskillende stadiums van die lewensiklus ten einde hulle voedingstatus te optimaliseer;</li> <li>• groeinoorme vir babas kan interpreteer;</li> <li>• borsvoeding kan bevorder;</li> <li>• skoolvoedingsprogramme teoreties kan evalueer;</li> <li>• doeltreffend in groepe kan saamwerk;</li> <li>• die waarde van gesinsvoeding uit 'n eties-filosofiese perspektief kan begrond;</li> <li>• 'n oorsig van die nasionale voedingsbeleid, dieetriglyne en die geïntegreerde voedingsprogram kan verskaf;</li> <li>• voedingsprobleme in die gemeenskap kan identifiseer, dit krities ontleed en toepaslike intervensies beplan en evalueer;</li> <li>• 'n eties verantwoordelike benadering tot die bestuur van gemeenskapsvoedingsdienste kan toon; en</li> <li>• in spanne kan saamwerk om uitkomste te bereik wat op gemeenskapsvoeding betrekking het.</li> </ul>	

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> VOED323	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Gevorderde voeding en voedingnavorsing	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>wetenskaplike literatuur op 'n onafhanklike manier kan soek, lees, vertolk en krities evalueer en in 'n wetenskaplike verslag vervat wat ook al prakties in die voedingsopvoeding van individue, groepe en gemeenskappe aangewend kan word;</li> <li>die gebruik van enige ergogeniese voedingshulpmiddel kan evalueer en atlete help om hulle liggaamsamestelling te verander deur 'n individuele maaltydplan te beplan en implementeer;</li> <li>die fisiologiese en metaboliese uitwerking van plantsterole, weerstandbiedende stysel, dieetvesel, glukemiese indeks, dieetvetsure en antioksidante en ook die rol van die glukemiese indeks in sportprestasies krities kan evalueer;</li> <li>die rol van omega 3 poli-onversadigde vetsure in die ontwikkeling van die fetus en die baba kan evalueer;</li> <li>die verwantskap tussen genetica, voeding en gesondheid kan bespreek;</li> <li>kennis toon van die geïntegreerde voedingsprogram vir Suid-Afrika wat 'n raamwerk verskaf op grond waarvan voedingsprogramme in Suid-Afrika geïmplementeer moet word;</li> <li>die beginsels van bogenoemde plan kan toepas, voedsel-gebaseerde dieetriglyne en voedingsintervensieprogramme vir die Suid-Afrikaanse bevolking vir spesifieke teiken-groepe krities kan evalueer en aanpas;</li> <li>as lid van 'n groep kan funksioneer en die belangrikheid van multidisiplinêre samewerking verstaan;</li> <li>kennis deur middel van verslae of mondelinge dialoog wetenskaplik kan kommunikeer; en</li> <li>bewus wees van die noodsaaklikheid om aan die voerpunt van die jongste verwickelinge in voedingswetenskap te bly.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> VOED471	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 40</b>
<b>Titel:</b>	Gemeenskapvoedingpraktyk	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>beide as individu en as lid van 'n span, vanuit 'n gevestigde etiese waardesisteem grondige kennis te demonstreer ten opsigte van voedingsvereistes van groepe en individue in die gemeenskap, nasionale voedingsbeleid, dieetriglyne en</li> </ul>	

	<p>die geïntegreerde voedingsprogram;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• praktiese vaardighede te demonstreeer om komplekse situasies en probleme wat verband hou met voedingsbeleid, dieetriglyne en die geïntegreerde voedingsprogram te kan evalueer en kritiseer en gemotiveerde verbeterings kan voorstel;</li> <li>• in groepsverband wetenskaplike inligting te kan insamel oor voedingsprobleme in die gemeenskap, die inligting kan krities evalueer en integreer in die opstel en uitvoering toepaslike intervensies;</li> <li>• toepaslike onderrigleerbeginsels te gebruik om interaktiewe kontakgeleenthede vir groepe kwesbare persone in 'n gemeenskap te beplan, met gebruik van toepaslike hulpmiddels te fasiliteer en aan die hand van spesifieke kriteria te evalueer;</li> <li>• 'n eties-verantwoordbare benadering tot die bestuur en implementering van gemeenskapsvoedingsdienste te openbaar.</li> </ul>
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1

#### G.14.4.3.2.5 Voedseldiensbestuur

<b>Modulekode:</b> VVDB313	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Voedseldiensbestuur: Sisteme en grootskaalse produksie	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• met 'n gevestigde etiese waardestelsel as vertrekpunt, as 'n individu en ook as lid van 'n span deeglike kennis en praktiese vaardighede met betrekking tot voedselverskaffing as 'n kritieke element in die transformasieproses kan demonstreeer, met inbegrip van die volgende: beskikbaarheid van voedsel, verspreiding van maaltye, ontvangs en produksie;</li> <li>• situasies en probleme met betrekking tot beheer, transformasie, uitsette, insette en omgewingsaspekte in die VDE kan identifiseer, ontleed en evalueer, en ook aanbevelings of oplossings hiervoor in verslagformaat kan aanbied; en</li> <li>• as 'n individu en as lid van 'n groep wetenskaplike data kan versamel, evalueer en aanbied (kommunikeer) deur goed gestruktureerde argumente met 'n bewustheid van die kliënt se behoeftes en kulturele agtergrond te integreer wanneer jy spyskaart vir gesonde en siek persone saamstel en implementeer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	

<b>Modulekode:</b> VVDB324	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Voedseldiensbestuur: Aspekte van bestuur	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• as individu en as lid van 'n span, vanuit die perspektief van 'n gevestigde etiese waardestelsel deeglike kennis en praktiese vaardighede met betrekking tot bestuur en leierskap as kritieke elemente van die transformasieproses kan demonstreer;</li> <li>• komplekse lewensegte situasies en probleme met betrekking tot die bestuur van mensehulpbronne, produktiwiteit en die begrotingsproses, werkprestasie en finansiële bestuur in die VDE kan identifiseer, ontleed en evalueer en aanbevelings daarvoor maak of oplossings verskaf; en</li> <li>• wetenskaplike inligting kan versamel, evalueer en integreer in 'n verslag wat aan die toepaslike formaat en konvensies van die dissipline voldoen, en dit ook met behulp van die toepaslike IT mondeling aan 'n gehoor kan oordra.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> VVDB471	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 40</b>
<b>Titel:</b>	Voedseldiensbestuur: Aspekte van bestuur	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vaardighede en waardes/houding (gebaseer op die kennis opgedoen in VVDB 313 en VVBD 324) word ontwikkel ten opsigte van generiese aspekte van bestuur; spyskaart-beplanning, -analisering (rekenaarmatig), -uitvoering en -evaluering; grootmaatvoedselbereiding en bediening; probleemoplossing en konflikthantering; implementering van standaardresepte; personeelopleiding; evaluering van die uitleg van 'n voedseldienseenheid, herstel en onderhoud van toerusting; opstel van posbeskrywings, werkskedules, produksieprogramme; gevaaranalises (HACCP), voorleggings; opstel en implementering van voedselveiligheid en -higiëne-kontroleprogramme.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	

**G.14.4.3.3 Verbruikerswetenskappe**

**G.14.4.3.3.1 Modebedryf**

<b>Modulekode:</b> VKLE114	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Modegeskiedenis	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis aangaande argitektoniese-, meubel/interieur- en klerestyle hê, deur dit te herken en in die regte terme beskryf;</li> <li>• insig in die faktore wat hierdie style laat ontstaan en ontwikkel het, hê;</li> <li>• 'n waardering vir die kulturele erfenis soos deur die studiemodule gedek word, verkry het;</li> <li>• moderne modeneigings kan evalueer deur historiese kenmerke en invloede te kan herken en beskryf; en</li> <li>• naslaanwerk in die biblioteek en op die internet kan raadpleeg en die toepaslike inligting in literatuuropdragte kan integreer en literatuurverwysings korrek kan toepas.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>	
<b>Modulekode:</b> VKLE214	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Inleiding tot die Modebedryf	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese agtergrondkennis rakende die kleding- en tekstielindustrie te hê;</li> <li>• die verspreidingskanale op enige gegewe produkte kan toepas;</li> <li>• die rol van die verbruikerswetenskaplike binne die modebedryf kan verduidelik;</li> <li>• die invloed wat verskeie rolspelers op die verbruiker kan hê kan voorspel;</li> <li>• die Suid-Afrikaanse kleinhandelstruktuur kan verduidelik asook die effektiwiteit daarvan kan evalueer;</li> <li>• insig in die ontstaan en ontwikkeling van mode te hê;</li> <li>• faktore wat verbruikersaanvaarding van mode beïnvloed kan analiseer en die beginsels van modevoorspelling kan analiseer en verduidelik;</li> <li>• die belang van effektiewe visuele handelswarevoorstellings kan verduidelik;</li> <li>• die biblioteek en internet kan gebruik om inligting verkry;</li> </ul>	

	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n ingeligte gesprek rakende die kontroversiële etiese kwessies in die Suid-Afrikaanse mode-industrie kan voer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>	
<b>Modulekode:</b> VKLE312	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Tekstielkunde	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Grondige kennis aangaande tekstielvesels, garings, tekstielstofkonstruksies en afwerkings te hê;</li> <li>• tekstielverwante probleme van verbruikers te kan ontleed en deur die toepassing van tekstielkennis die korrekte aanbevelings te kan maak;</li> <li>• verskillende tekstielstowwe ten opsigte van dienlikheid met mekaar te kan vergelyk om sodoende geskikte keuses vir verkillende doeleindes te kan aanbeveel;</li> <li>• te alle tye op 'n eties verantwoordelike wyse en vanuit 'n gevestigde waardesisteem, aan die tekstielverbruiker voorligting te kan gee;</li> <li>• op 'n eties-korrekte wyse tekstielbronne te verkry en te gebruik;</li> <li>• vaardighede in die gebruik van apparaat en tegnieke om tekstiele te evalueer en te konstrueer, te hê;</li> <li>• verskillende vorme van tegnologie te kan gebruik om kennis aangaande tekstiele effektief aan die verbruiker te kommunikeer; en</li> <li>• in groepsopdragte en groepverband saam te kan werk en te kan funksioneer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>	
<b>Modulekode:</b> VKLE321	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Modebedryf en psigososiale kledinggedrag	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• voorraadbestuur vanuit die vervaardiger se oogpunt kan deurgrond deur die rol van die verbruiker en verbruikers-wetenskaplike hierin te omskryf;</li> <li>• verbruikers behoeftes, voorkeure en probleme in die bykomstighedebedryf kan identifiseer, bevredig en oplos;</li> <li>• bestaande neigingvoorspellingstegnieke kan evalueer en</li> </ul>	

	<p>effektief kan toepas op enige kleinhandelaar;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• probleemoplossend en selfstandig as verbruikerswetenskaplikes begin funksioneer.</li> <li>• insig te kan toon in die kledinggedrag van individue en groepe vanuit 'n kognitiewe en simboliese interaksionele raamwerk;</li> <li>• die invloed wat kultuur op kleding en die individu het, te kan bespreek en met voorbeelde te demonstreeer;</li> <li>• 'n kritiese ingesteldheid jeens sosiaal-sielkundige aspekte van kleding vanuit 'n Christelike waarde-oriëntasie kan demonstreeer:</li> <li>• effektief in groepe met ander te kan saamwerk; en</li> <li>• die biblioteek en internet te kan gebruik om inligting te verkry.</li> </ul>
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>

#### G.14.4.3.3.2 Verbruikershulpbronbestuur

<b>Modulekode:</b> VGHB117	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Verbruikersgedrag	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die nodige kennis en insig toon in die vakgebied van verbruikersgedrag en die faktore wat dit beïnvloed kan bespreek;</li> <li>• basiese agtergrondkennis hê oor verbruikerssosialisering, verbruikersbesluitneming en basiese verbruikersaankoop-praktyke;</li> <li>• insig toon in die belang van verbruikerswese en verwante aspekte binne 'n Suid-Afrikaanse konteks en in verskillende scenario's kan toepas;</li> <li>• begrip ontwikkel vir die teoretiese en kulturele perspektiewe wat verskillende gesinsvorme onderlê en kennis oor sekere fasette van die gesinne kan toepas op die ontleding van gevallestudies en aanbevelings ter verbetering van gesinswelstand kan maak;</li> <li>• kritiese denke ontwikkel rakende tradisionele en kontemporêre gesinsvorme en begrip toon vir geslags-gelykheid in terme van ons veranderde samelewing; aspekte en verhoudings binne gesinne vanuit 'n vaste waardesisteem benader en evalueer;</li> <li>• insig toon in die belangrikheid van finansiële bestuur en beplanning vir individue en huishoudings;</li> </ul>	



	<ul style="list-style-type: none"> <li>• insig hê in die rol en taak van 'n verbruikerswetenskaplike, spesifiek ten opsigte van die verbruiker en dit kan toepas;</li> <li>• naslaanwerk in die biblioteek en op die internet bekom en evalueer, die toepaslike inligting in literatuuropdragte te kan integreer en literatuurverwysings korrek kan toepas; asook</li> <li>• binne groepsverband effektief kan funksioneer.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>	
<b>Modulekode:</b> VGHB122	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Ontwerpstudie	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• ontwerpstudie vanuit 'n kreatiewe en probleemoplossende perspektief kan benader en toepas in die uitvoering van verskeie praktiese opdragte;</li> <li>• die elemente van ontwerp, naamlik lyn, vorm, tekstuur en ruimte, kan bespreek en toepas in die beplanning van interieuromgewings, kleding en waar nodig op die gebied van maaltydbeplanning;</li> <li>• die beginsels van ontwerp, naamlik balans, proporsie, nadruk, ritme en harmonie kan bespreek en toepas in die beplanning van interieuromgewings, kleding en maaltydbeplanning;</li> <li>• 'n ontleding van kleur kan uitvoer en die effek daarvan op verskillende materiale kan evalueer;</li> <li>• die kenmerke van en beginsels onderliggend aan kleur (as ontwerpelement) kan interpreteer en toepas in die beplanning van interieuromgewings en kleding; en</li> <li>• effektief in groepe kan saamwerk.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>	
<b>Modulekode:</b> VGHB221	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Verbruikersaankooppraktyke en hulpbronbestuur	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• begrip hê vir verskeie in verbruikers se behoeftes ten opsigte van sagte meublement en apparaat;</li> <li>• insig toon in die breë spektrum van sagte meublement asook die effek wat dit skep;</li> <li>• die plekteorie as wetenskaplike onderbou kan gebruik ter</li> </ul>	

	<ul style="list-style-type: none"> <li>• verduideliking van die verskille in verbruikers se behoeftes;</li> <li>• insig toon in die faktore wat die verbruiker se besluit-nemingsproses en bestuur van hulpbronne beïnvloed;</li> <li>• die nodige vaardighede demonstreer om die verbruiker te kan adviseer om doeltreffende besluite ten opsigte van die aankoop van huishoudelike meublement en apparaat te neem; en</li> <li>• as lid van 'n groep saam kan werk aan opdragte en projekte.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>	
<b>Modulekode:</b> VGHB311	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Binneontwerp en Behuising	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die nodige kennis en insig toon in die omvang en inhoud van behuising en binneontwerp as vakgebiede,</li> <li>• die nodige kennis en insig toon in benaderings en teorieë waarop die beplanning en inrig van woonruimtes gebaseer is en die behoeftes wat met behuisingstevredenheid en lewensgehalte verband hou;</li> <li>• verskeie visuele voorleggingstegnieke te kan gebruik om voorgaande uitkomstes te demonstreer;</li> <li>• in staat wees om verbruikersvoorligting ten opsigte van behuisingstipes, -besluitneming, behuisingsreg te lewer, asook ekonomiese aspekte op mikrovlak te ontleed en 'n waarde-oordeel ten opsigte van die toepaslikheid en geskiktheid van verskillende woonruimtes kan gee en motiveer;</li> <li>• vanuit 'n gevestigde waardesisteem eties korrek op te tree in alle kommunikasie rakende behuisings- en binneontwerp voorligting aan kliënte;</li> <li>• projekte in groepsverband kan uitvoer en inligting uit verskillende bronne krities te interpreteer, analiseer en op 'n effektiewe wyse integreer tot 'n toepaslike en geskikte model van woonruimtes; en</li> <li>• probleemoplossingsvaardighede ten opsigte van veranderde behuisings omstandighede kan toepas ten einde verbruikers se behoeftes optimaal te bevredig.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>	

G.14.4.3.3.3 Voedsel

<b>Modulekode:</b> VVDL112	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Voedsel	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennis en begrip kan demonstree van die voedselbedryf en die voedselkleinhandelbesigheid, asook begrip kan toon vir die rol van die verbruikerswetenskaplike en dieetkundige in die bedryf, fundamentele kennis en begrip kan toon van basiese voedselsamestelling en -prosessering en preservering, insluitend additiewe, voedselveiligheid en -sekuriteit, en die basiese beginsels van die prosedures wat nodig is om voedselveiligheid en -sekuriteit te verseker, en die invloed van geloofsoortuigings op voedselkeuses, voedselantropologie, internasionale invloede op voedselcuisine, en nasionale en internasionale voedselneigings en voedselstilering;</li> <li>• die biblioteek en internet kan gebruik om inligting te bekom om 'n basiese begrip te kry van voedselantropologie, gefokus op die gedrag en sosiale en kulturele ontwikkeling van die mens, asook die invloed geloofsoortuigings op voedselverbruik en eetpatrone;</li> <li>• effektief individueel en in groepe kan saamwerk om die ontwikkeling van 'n verskeidenheid soorte nasionale en internasionale cuisine en die invloed daarvan op die Suid Afrikaanse verbruikers en cuisine te ontleed; voedsel-prosesserings- en voedselveiligheidstelsel kan ontleed en demonstree;</li> <li>• praktiese probleemoplossingsvaardighede kan toepas op voedselveiligheid en sanitasie, om die essensie van voedsel etiketwetgewing te ontleed en aan die verbruiker te kommunikeer; en</li> </ul> <p>professioneel volgens etiese waardes ten opsigte van voedselopleiding en inligtingsprogramme kan optree en altyd in die beste belang van die verbruiker kulturele en geloofsoortuigings in ag neem.</p>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>	

<b>Modulekode:</b> VVDL123	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Plantaardige voedselgroepe en –sisteme	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n fundamentele kennis beskik van plantaardige voedselgroepe en -sisteme (grane, vrugte, groente, knolle, peulgroente, oliesade, voedselanaloe en drank), die samestelling (fisies, struktureel en chemies) daarvan en die veranderinge wat plaasvind tydens die verwerking en voorbereiding daarvan; asook fundamentele kennis aangaande funksionele voedsel, die voordele en die etikettering daarvan;</li> <li>• die basiese kennis wat in die inleidende voedselmodule opgedoen is, kan toepas op plantaardige voedsel en hierdie beginsels prakties in die laboratorium kan uitvoer; asook die kennis wat oor plantaardige voedselbeginsels verkry is prakties kan toepas in resep- en produkontwikkeling wat in die derde jaar aangeleer sal word;</li> <li>• effektief individueel en in groepe kan saamwerk om die basiese wetenskaplike eienskappe van plantaardige produkte (byvoorbeeld ensiemreaksies en oksidasie) prakties toe te pas in eksperimentele werk en opdragte met behulp van die biblioteek en internet kan voltooi;</li> <li>• praktiese probleme met plantaardige en funksionele voedsel in die vorm van gevallestudies kan evalueer en in verslagformaat advies aan verbruikers en werknemers in die kleinhandel, gasvryheidsbedryf en privaat sektor kan kommunikeer; en</li> <li>• probleem-situasies en etiese kwessies met betrekking tot plantaardige voedselgroepe en -stelsels en funksionele voedsel kan evalueer en aanbevelings aan die verbruiker kan maak.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>	
<b>Modulekode:</b> VVDL213	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Dierlike voedselgroepe en –sisteme	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n grondige kennis beskik van dierlike voedselgroepe en –sisteme (rooivleis, pluimveevleis, vis, skulpvis, suiwel, gelatien, eiers en voedselanaloe) en gebak, die samestelling daarvan (fisies, struktureel en chemies) en die veranderinge wat tydens die verwerking en voorbereiding en daarvan plaasvind; asook grondige kennis van geriefsvleis en geneties gemanipuleerde (GM) voedsel</li> </ul>	

	<p>kan toon;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die basiese kennis wat in die eerste jaar oor voedsel-stelsels, grane en suikers aangeleer is, kan toepas op die nuwe beginsels en voedselstelsels in hierdie module; asook die beginsels van dierlike voedselgroepe en -stelsels ken sodat jy dit in die derde jaar in resep- en produk-ontwikkeling prakties kan toepas;</li> <li>• effektief individueel en in groepe kan saamwerk om die gevorderde wetenskaplike eienskappe van dierlike voedsel (byvoorbeeld denaturering, koagulering en jellering) met behulp van die biblioteek en internet prakties in eksperimentele werk en opdragte toe te pas;</li> <li>• die kwaliteit van dierlike en gebakte produkte kan evalueer en kan verklaar watter faktore die kwaliteit beïnvloed;</li> <li>• praktiese probleme met dierlike voedselbeginsels, gebak, geriefsvoedsel en GM-voedsel in die vorm van gevallestudies kan evalueer en advies aan verbruikers en werknemers in die kleinhandel, gasvryheidsbedryf en privaat sektor in verslagformaat kan kommunikeer; en</li> <li>• probleem-situasies en etiese kwessies met dierlike voedselgroepe en -stelsels, geriefsvoedsel en GM-voedsel kan evalueer en aanbevelings aan die verbruiker kan maak.</li> </ul>	
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>	
<b>Modulekode:</b> VVDL324	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Nuwe voedselprodukontwikkelingsprosesse	
<b>Module-uitkomste:</b>	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n goed afgeronde en stelselmatige kennis van voedsel-kleinhandel en die bemarking van voedselprodukte te hê, sowel as die uniekheid daarvan in die voedselbedryf;</li> <li>• faktore wat tot welslae in die kleinhandelbedryf lei binne die kleinhandelomgewing prakties toe te pas deur die rol van voedsel in die kleinhandelopset te ontleed;</li> <li>• die kleinhandelbedryf, produkvang en -diepte, die rol van winkeluitleg en die rol van prysstruktuur, voedsel-verpakking en bemarking in die voedselketting deeglik te verstaan;</li> <li>• probleemoplossingsvaardighede prakties toe te pas ten einde die posisie van voedsel in die kleinhandel-omgewing te verbeter, die produkontwikkelings-prosesse te ontleed en die resultate skriftelik te</li> </ul>	

	<p>kommunikeer;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n goed afgeronde en stelselmatige kennis te hê van: voedselprodukte in die kleinhandel sowel as die verskillende nuwe produkkategorieë; die benutting van verskillende bronne vir nuwe produkieë; die benutting van die verskillende rolspelers in die ontwikkelingsproses van die nuwe produkte; die integrering van verskillende prosesse en stadiums en die verskillende aspekte van gehaltebeheer in die nuwe voedselprodukontwikkelings-proses; sowel as die omskakeling van die resep na formule prakties te kan toepas;</li> <li>• die lewensvatbaarheid van 'n nuwe voedselprodukt te verduidelik en te evalueer, die verskillende rolspelers in die produkontwikkelingsproses en die totale produkontwikkelingsproses te evalueer asook die rol van sensoriese evaluering in die ontwikkelingsproses te integreer; en</li> <li>• in belang van die bedryf en die verbruikers wat gedien moet word, professioneel op te tree volgens etiese waardes binne die produksie- en kleinhandelomgewing</li> </ul>
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>• Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>• 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>

#### **G.14.4.4 SKOOL VIR PSIGOSOSIALE GEDRAGSWETENSAPPE**

##### **G.14.4.4.1 Maatskaplike Werk**

##### **G.14.4.4.1.1 Modules wat vanaf 2009 uiffaseer**

#### **MWKG121: DIE AARD VAN KINDGESENTEERDE DIENSLEWERING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n fundamentele kennis van kindgesentreerde dienslewering in die Suid-Afrikaanse konteks op die beleidsvoorgeskrewe vlakke van voorkoming, vroeë intervensie, statutêre ingryping en die kontinuum van sorg en ontwikkeling te demonstree; tersaaklike wetgewing te kan gebruik om oplossings vir goed geformuleerde probleme (in die vorm van scenario's en gevallestudies) te vind en op die voorgeskrewe wyse skriftelik en mondeling (bv. in die vorm van 'n skynhof) verslag daaroor te doen. Aanvullend behoort die student deurentyd bewys te lewer van 'n gevestigde waardesisteem en die uitlewing van die profesie se etiese waardes.

**MWKG131: MENSLIKE GEDRAG IN DIE MAATSKAPLIKE OMGEWING OOR DIE LEWENSVERLOOP**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens in sy lewensiklus te beskryf en te onderskei tussen die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens en die abnormale/ongesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens.

**MWKG142: DIE GENERIESE BASIS VAN MAATSKAPLIKE WERK A**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die grondslae van maatskaplike werk as wetenskap en profesie rigtinggewend in dienslewering te kan aanwend. Daar word in hierdie verband gefokus op maatskaplike werk as 'n hulpprofesie, die geskiedenis van die profesie, maatskaplike werk en maatskaplike sisteme, die diensleweringstelsel en professionele waardes en etiek.

**MWKG143: DIE TOEPASSING VAN DIE HANDVES OP MENSEREGTE IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die begrip "menseregte" te verduidelik, die miskenning van menseregte te kan erken en bespreek; en 'n toepassing van die menseregte soos in die Handves op Menseregte vervat, in maatskaplike werk te kan maak.

**MWKG152: DIE GENERIESE BASIS VAN MAATSKAPLIKE WERK B**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: begrip van die sentrale hulproses in maatskaplike werk te demonstreer; te onderskei tussen die probleemgesentreerde en die bemagtigingsbenadering in hulpverlening; begrip te demonstreer vir die sterktes-perspektief as basis vir die bemagtigingsbenadering; die verskillende fases in die hulproses te onderskei en die aard van elke fase te kan verduidelik, sodat dit as riglyn in hulpverlening aan kliëntsisteme gebruik kan word; die professionele verhouding as basis van die hulproses te kan beskryf en die verskillende elemente daarvan te kan verduidelik; onderhoudsvoering as een van die instrumente in die hulproses te kan bespreek en kennis van die basiese tegnieke daarvan kan demonstreer; en etiese aspekte van die verhouding en onderhoudsvoering kan verduidelik.

**MWKG213: MAATSKAPLIKEWERKVAARDIGHEDE A**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: sy/haar kennis en insig van professionele integriteit, selfkennis, waardes en etiek in maatskaplike werk en 'n ontwikkelende sensitiewe vir kultuurverskille te openbaar.

**MWKG221: MAATSKAPLIKEWERKVAARDIGHEDE B**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n onderhoud te begin en af te sluit; onderhoudvoeringsvaardighede in die praktyk aan te wend; die funksionering van 'n praktykorganisasie te verstaan; en verslag oor basiese maatskaplikewerk-handelinge te doen.

**MWKG233: INTERVENSIESTRATEGIEË IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die ekosistemiese perspektief sinvol op die mens-in-die-situasie toe te pas; die implementering van verandering saam met die kliëntsisteem te beplan; jou kennis en insig van die aktivering van hulpbronne, die skep van vennootskappe, die uitbreiding van geleenthede, die evaluering van vordering en terminering te demonstreer; effektief in groepe te funksioneer; kennis van die ekosistemiese perspektief Christelik-eties op die mens situasie te kan toe pas.

**MWKG243: DIE KIND AS KLIËNT IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die onderskeid tussen 'n kind en volwassene as kliënt te tref; deur middel van spel met die kind te kan kommunikeer en 'n instaatstellende omgewing vir die kind te kan skep.

**MWKG251: ARMOEDE- EN MISDAADGESENTREERDE DIENSLEWERING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: armoede en misdaad as verskynsels te beskryf, te beredeneer en te ontleed in terme van die aard, omvang, oorsake, gevolge en manifestasies daarvan in ontwikkelende en onderontwikkelde samelewings; 'n verskeidenheid van sosio-ekonomiese vraagstukke soos behuisingsnood, werkloosheid, werkskuheid, ongeletterdheid, bedelary, dobbelary, boemelary, prostitusie, kinderarbeid en misdaadverwante vraagstukke in gemeenskappe te identifiseer, te ontleed en te beskryf; dienste, fasiliteite, programme en beleidsmaatreëls wat deur die staat, kerke, NRO's, die sakesektor en die burgerlike samelewing (civil society) daargestel word ter bekamping van armoede en misdaad, te identifiseer, te ontgin en aan te wend deur middel van maatskaplikewerk-dienslewering aan individue, gesinne, groepe en gemeenskappe op voorkomings- en vroeë-intervensievlakke asook die benutting van statutêre hulp vir hierdie doel.

**MWKG261: DIE AARD VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: insig te toon in die noodsaaklike rol wat maatskaplike groepwerk in maatskaplike werk speel; die uitgangspunte in maatskaplike groepwerk nie alleen te identifiseer nie, maar ook te kan demonstreer hoe hierdie uitgangspunte in die praktyk toegepas word; insig te toon in die formulering van doelstellings en doelwitte vir individue en groepe en in staat te wees om dit te kan formuleer; die verskillende fases van die horisontale en vertikale benadering van die maatskaplike groepwerkproses te onderskei en tydens hulpverlening in die groep te implementeer; die verskillende administratiewe take tydens hulpverlening te identifiseer en te kan toon hoe dit tot voordeel van die groep en die groeplede toegepas kan word; begrip en insig te demonstreer vir die vereistes en



noodsaaklikheid vir die benutting van hulpmiddels in maatskaplike groepwerk; suksesvol in groepverband te kan funksioneer en selfs die leiding te kan neem; en eties korrek en vanuit 'n gevestigde waarde sisteem op te tree.

**MWKG262: DIE AARD VAN GEMEENSKAPSWERK EN GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: te kan motiveer waarom gemeenskapswerk- en gemeenskapsontwikkelingsdienste vir Suid-Afrika van belang is; die aard en komponente van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling te kan verduidelik; die gemeenskapswerk/ontwikkelingsproses te kan beskryf; en 'n basiese gemeenskapswerk/-ontwikkelingsprogram en -projekte te kan formuleer.

**MWKG312: GEÏNTEGREERDE PRAKTYKINTERVENSIES A**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n terapeutiese onderhoud te begin en af te sluit; die verskillende fases van 'n onderhoud te hanteer; 'n verskeidenheid van terapeutiese onderhoudsvoeringstegnieke te gebruik; en oordrag, teenoordrag en weerstand tydens 'n onderhoud te identifiseer en te hanteer.

**MWKG321: GEÏNTEGREERDE PRAKTYKINTERVENSIES B**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die funksionering van 'n praktykorganisasie te verstaan; binne die konteks van 'n praktykorganisasie te funksioneer en; basiese maatskaplike dienste op 'n nie-terapeutiese vlak te lewer.

**MWKG322: DIE TOEPASSING VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: (1) die verskillende teorieë en modelle van maatskaplike groepwerk toe te pas; (2) kundigheid van maatskaplikewerkhulpverlening in groepverband te kan demonstreer; (3) die beplanning van 'n groepwerkprojek (met inagneming van sekere tipes gedragswyses volgens die beplanningsproses) te kan uitvoer; (4) 'n groepwerkprojek te kan evalueer; (5) praktikum in maatskaplike groepwerk te kan doen en verslae daarvoor te kan skryf; en (6) vanuit 'n gevestigde waardesisteem te kan redeneer.

**MWKG332: GESINSGESENTREERDE INTERVENSIES: VOORKOMING EN BEMAGTIGING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die funksies van die gesin binne Suid-Afrikaanse konteks te verduidelik; die gesin op mikro en makro vlak te analiseer; die gesin in al sy vorme, insluitende rolle en die lewensiklus, te verduidelik; bestaande huweliksvoorbereiding en -verrykingsprogramme aan te bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel; bestaande ouerskapsvaardigheidsprogramme aan te bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel en; bestaande gesinsverrykings- en bemagtigingsprogramme aan te bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel.

**MWKG342: DIE TOEPASSING VAN GEMEENSKAPSWERK EN GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die aard en inhoud van gemeenskapswerk se praktykmodelle te verstaan en te verduidelik; 'n onderskeid te kan tref tussen maatskaplike gemeenskaps-ontwikkeling, maatskaplike beplanning, gemeenskapsopvoeding, maatskaplike bemerking en maatskaplike aksie; die tegnieke en hulpmiddels wat vir die toepassing van elk van die modelle nodig is te selekteer en te gebruik; 'n toepaslike program en projekte vir 'n gegewe praktyksituasie te kan beplan; en die program/projekte prakties toe te pas.

**MWKG362: CHEMIESE AFHANKLIKHEIDSGESENTREERDE INTERVENSIES**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: chemiese afhanklikheid as universele probleem binne die Suid-Afrikaanse konteks te kan omskryf; 'n onderskeid te kan tref tussen substansgebruik en – misbruik; die psigo-sosiale gevolge van chemiese afhanklikheid kan identifiseer; vakkundige dienste kan lewer in terme van voorkoming, vroeë intervensie, behandeling en rehabilitasie; dienste kan lewer aan die naasbestaendes van chemies-afhanklikes; en bestaande dienste en fasiliteite in die gemeenskap kan identifiseer, ontgin en benut in die belang van chemies-afhanklikes en hulle naasbestaendes.

**MWKG363: JEUGGESENTEREERDE INTERVENSIES**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: jeugdige op te lei in die ontwikkeling van lewensvaardighede; terapeutiese intervensie ten opsigte van problematiek by jeugdige te lewer en kapasiteitsbouprogramme ten opsigte van jeugdige te ontwikkel.

**MWKG411: FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die verband tussen forensiese en statutêre maatskaplike werk te verduidelik; die ondersoek en assessering van 'n individu te doen en op grond daarvan 'n verslag vir die hof voor te berei; deskundige getuieis aan 'n hof te lewer en 'n professionele mening uit te spreek; en aanbevelings aan hof te maak ingevolge die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 (soos gewysig), Die Kinderwet, Wet 74 van 1983, Wet 20 van 1992 en die Egskeidingswet, Wet 24 van 1987.

**MWKG431: PRAKTYKNAVORSING IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die konteks en praktyk van maatskaplikewerk-navorsing te verstaan; die navorsingsproses, insluitende die voorondersoek, steekproeftrekking, die voorstelling van data, die navorsingsontwerp en prosedures, en die navorsingsverslag, te begryp; en die prosedures van die maatskaplikewerk-navorsing uit te voer.

**MWKG433: PRAKTYKBESTUUR IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: praktykbestuur te definieer; die verantwoordelikhede van die praktykbestuurder te beskryf; die vaardighede waaroor 'n praktykbestuurder moet beskik te illustreer en toe te pas; die konteks waarbinne praktykbestuur toegepas word, te beskryf en; die aard van die multi-professionele span te definieer en te beskryf; en supervisie as essensiële proses in maatskaplike werk te kan definieer en beskryf.

**MWKG434: GESINSGESENTEERDE INTERVENSIES: TERAPIE EN BERAAD**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n breë raamwerk te gee van die diversiteit waarbinne dienste gelewer word; die terapeutiese proses in huweliks- en gesinsterapie te verduidelik; die etiese vraagstukke en dilemmas wat binne 'n terapeutiese verhouding kan ontstaan, te bespreek; aan te dui hoe die lewensiklus 'n invloed het op die verskillende stadiums van die huwelik; kommunikasieprobleme en konflik as struikelblokke binne die huwelik te identifiseer en te bespreek en ook om die verskillende vorme van effektiewe kommunikasie te kan verduidelik en; egskedingsberading, hertrouberading en mediasie toe te pas.

**MWKG435: DIVERSITEIT IN PROFESSIONELE PRAKTYK**

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die student sal in staat wees om: met selfkennis en 'n openheid teenoor 'n diverse kliëntsisteem op te tree: teoretiese kennis rakende diversiteit in die praktyk toe te pas; kritiese samelewings kwessies soos diskriminasie en die instandhouding daarvan uit te wys en te beveg; etiese beginsels toe te pas en met waardigheid teenoor die totale kliëntsisteem op te tree.

**MWKG441: MAATSKAPLIKE WELSYNSBELEID**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die verskillende komponente van die makro maatskaplikewelsynsbeleid en -struktuur te kan onderskei; dit in die maatskaplikewerk-praktyk tot voordeel van die mens en samelewing te benut en te beïnvloed; kennis en insig te demonstreer oor die aard en konteks van die voormalige en huidige Suid-Afrikaanse welsynsisteem; welsynsbeleid te ontleed en te evalueer; as landsburger en professionele persoon deel te neem aan die plaaslike en nasionale gemeenskap wat veral welsynsaangeleenthede betref; kennis selfstandig te kan verwerf, beheers, toepas, analiseer, integreer en gefundeerd kan evalueer; kennis oor welsynsbeleid wetenskaplik te kan kommunikeer en daaroor te kan lees-, skryf-, praat- en argumenteer; 'n eie denkraamwerk oor welsynsbeleid in Suid-Afrika te verwoord en te verantwoord met verwysing na die christelike en ander lewensbeskouings; in 'n groep te kan saamwerk en 'n leiersrol te kan vertolk; op 'n kritiese en kreatiewe wyse proleemoplossing aan die hand te kan doen.

**MWKG442: KINDGESENTEERDE INTERVENSIË**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n verhouding met 'n kind as kliënt op 'n gevorderde vlak op te bou en terapeutiese vaardighede op 'n gevorderde vlak aan te wend.

**MWKG444: GESONDHEIDS- EN AANVERWANTE DIENSLEWERING**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die verskillende werkterreine van gesondheidsorg en aanverwante dienslewering af te baken; die maatskaplikewerk-proses op die terreine van geneeskundige maatskaplike werk (soos MIV/VIGS, aborsieberaad en sterwens/rousmart-begeleiding) toe te pas, en die toepassing van psigiatriese maatskaplike werk en die maatskaplikewerk-proses op die terrein van gestremdesorg en die hantering van persone met psigiese stremminge te verduidelik.

**MWKG446: BENADERINGS, PERSPEKTIEWE EN TEORIEË IN MAATSKAPLIKE WERK**

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die kennisbasis van maatskaplikewerk-praktyk te verduidelik en te verdedig; 'n onderskeid tussen die verskillende benaderings van en vir maatskaplike werk te tref en die waarde van elkeen te asessee; en te motiveer hoe elkeen van die banaderings in maatskaplike werk benut kan word.

**MWKG461: TOEGEPASTE MAATSKAPLIKWERKNAVORSING**

Pk Nvt 100%

